

C.IULIUS CAESAR SE GEBRUIK VAN DIE KONJUNKTIEF.

deur

J.T.ENGELBRECHT

Verhandeling voorgelê ter vervulling
van 'n deel van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Onder leiding van Prof.dr.W.N.Coetzee.

Oktober 1956.

I N U L I G .

VOORWOORD.

Die doel van hierdie studie is om slegs 'n enkele aspek van Latyn te beskryf, nl. die konjunktief soos C. Iulius Caesar dit gebruik het in sy Commentarii de Bello Gallico, m.a.w. om 'n aanduiding te probeer gee van hoe die vergrammatiseerde vorm van sy Latyn as skryftaal t.o.v. die konjunktief daar uitsien, en veral in die bysin. Die teks wat gevolg word, is dié van Renatus du Pontet (MDCCCC), die s.g. Oxford-uitgawe.

Die versoeking is groot, en dis haas onvermydelik om die gegewens netjies af te baken en om dan gevolgtrekkings te maak. Die indelings is van 'n arbitrêre aard, want geen taal kan, wat sy taalverskynsels betref, in vorme ingedwing word nie. "Simplification is not simplicity: simplicity is as often as not arbitrary. and, on analysis, puzzling and inconsistent."¹⁾

'n Poging sal aangewend word om strukturalisties te werk te gaan, om lig te werp op 'n taalverskynsel wat vreemd is in Afrikaans. Deur die voorbeelde op 'n bepaalde manier te klassifiseer en dan te bespreek, sal daar gepoog word om helderheid te werp op reeds aanvaarde „regls“.

Hierdie grammatiese konvensies, is konvensies wat aanneembaar was vir die meerderheid van die opgevoede Romeine van 'n bepaalde tydperk. Dié konvensies is en was belangrik, maar, soos gesien sal word, bly hul slegs konvensies, nie onbuigbare prinsipes wat uit die taal gehaal is nie - ons vergeet soms dat Latyn ook 'n lewende taal was. Met verloop van tyd het dié konvensies geleidelik verander, na mate die taal ontwikkel het. Waar dit nodig skyn te wees, sal hierdie ontwikkeling van nader beskou word.

1). W J. Entwistle: Aspects of Language - Inleidende brief.

INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD.

DEEL I.

TAALBENADERING.....	1
MODUS - met verwysing na die konjunktief...	2
DIE LATYNSE KONJUNKTIEF.....	5
DIE VERSKILLENDE GEBRUIKE VAN DIE KONJUNKTIEF	
Volgens Sonnenschein.....	7
Roby.....	8
Handford.....	10
DIE OORSPRONKLIKE ONAFHANKLIKE KONJUNKTIEWE IN ENKELVOUDIGE SINNE.....	11
INDELING VAN BYSINNE.....	13
TEMPORA ET MODI.....	15

DEEL II.

C. IULIUS CAESAR SE GEBRUIK VAN DIE KONJUNKTIEF IN DIE BYSIN.

- A. Bysinne waarin die konjunktief sy modale krag behou het, of waarin die modale krag nie baie verswak is nie.
 1. Konjunktiewe wat ontstaan het uit die oorspronklike jussief of optatief.
 - (a) Afhanklike bevele.....21
 - (b) Doelsinne.....24
 - (c) Gevolgsinne.....31
 2. Konjunktiewe wat ontstaan het uit die oorspronklike konj. in vrae (deliberativus)
 - Gevolgsinne na verba impediendi en dubitandi.....36
 3. Konjunktiewe as uiting van moontlikheid (potentialis)
 - (a) Voorwaardelike sinne.....39
 - (b) Voorwaardelike sinne van vergelyking.....49

DEEL III.

B. Konjunktiewe met verswakte betekenis.

1. Gevolgsinne(werklike gevolg).....	51
2. Die Prospektiewe Konjunktief.....	54
3. Bysinne wat begeleidende omstandighede aandui.....	58
4. Attraksie.	
(a) Oratio Obliqua.....	69
(b) Skynbare Oratio Obliqua.....	76
(c) Afhanklike vrae.....	79

SLOT

Stelling.....	81
Summary.....	82
Bibliografie.....	84

D E E L E E N .

TAALBENADERING.

'n Filologiese benadering.... wat nie slegs inventaris maar ook 'n begrip van die taalkundige verskynsels wil bekom, dien rekening te hou met kontemporêre voor- skrifte betreffende taalgebruik.¹

Omdat taal 'n middel is om gedagtes mee uit te druk, het dit onder die aandag van die filosowe gekom, en baie van die uitdrukkings wat grammatici gebruik, is van filosofiese oorsprong. Beide taalkundige en filosoof bespreek die sin, predikaat, onderwerp (subjek), voorwerp (objek), grammatika, logika, funksie, vorm, hipotese, voorwaarde, betekenis ens. Die grammatikus gebruik ook afgeleide filosofiese terme soos „akkusatief (accusativus)“ ens. Dié filosofiese terme kan in die gebied van die grammatika intree mits hulle nie verwarring skep nie.

Tweeduisend jaar gelede is daar verkeerd met taal en die taalvorm van die nog lewende taal weggespring en die taalkunde kon nog nooit koers ky nie, want daar was nie koers nie?² Die stelsel wat ons taalkunde die meeste beïnvloed, is baseer op die s.g. stelsel van logiese kategorieë wat universeel erken sou word met verloop van tyd as die hoogste en allerlaaste indeling van alle dinge in die natuur.³ Woorde is ook ingedeel om met hierdie kategorieë saam te val. Die knoep lê daarin dat dié stelsel op één taal baseer is - Grieks.

Die ontleding van Grieks het ook 'n redelike bevredigende ontleding van Latyn slyn te wees, want die twee tale was in omtrent dieselfde stadium van ontwikkeling.⁴ Die Latynse stelsel is daarna toegepas op die Germaanse tale, en, alhoewel dit heelwat skade gedoen het, was dit tog 'n poging om die eenheid van die grammatiese denke te bewaar. Juis hierin lê die probleem van die taalkundige: moet die universele die besondere klassifiseer, of moet die besondere veralgemeen word as universeel? En dan is daar die probleem

1. W. J. G. Lubbe: Stelling V by Incerti Panegyricus Constantino Dictus.

2. G. J. Labuscagne: Waarheen ons Taalkunde? (Helikon No. 18)

3. Entwistle: bls 5; The good philosopher for the grammarian is the dead one: the best of all is Aristotle.

4. Entwistle, bls. 154.

van die terminologie. „At best he may be allowed to take over some useful category or principle of arrangement of categories: at worst he is sure to fall under a shower of new terms..... as raw materials for his studies.“¹

Die klassieke grammatika het weliswaar aan die tale van die westerse beskawing vorm gegee - dit het ook die terminologie verskaf - maar dié is soms logies, soms formeel, soms metafories en soms arbitrêr. Hulle kan gebruik word om na sekere dinge in 'n sin te verwys, maar hulle word nie gebruik as verklaringsprinsipe van grammatiese vorme nie.²⁾

Die moderne neiging is om slegs te beskryf, maar dan is daar tog die gevaar dat beskrywing mettertyd kan voorskryf. Die skrywer sien sy probleem ook in dié lig. Kommentaar volg op beskrywing en dié kommentaar kan moontlik beskou word as 'n poging om voor te skryf, en dit is allerminste die bedoeling. Daar is 'n verskil tussen voorskryf en dikteer en ondersoek, beskryf en verklaar. Die probleem lê nie by die taal nie - eerder by die wyse van benadering. Alles wat feite het en wat feite is, kan op 'n wetenskaplike wyse benader word, deur die feite te versamel, te klassifiseer en te verklaar.

Dan ook nog net dit: geen wetenskap kan sonder 'n teorie bedryf word nie, maar die teorie moet uit die feite gehaal word, en, elke taal het sy eie grammatika, sy eie stelsel om taal mee aan te wend.³⁾

MODUS - MET VERWYSING NA DIE KONJUNKTIEF.

Daar is geen eenstemmigheid wat die opvatting van modus betref onder grammatici nie: hulle is dit nie eens oor die bestaan van modi nie, of wat hulle aandui as hulle wel bestaan nie. Sulke uiteenlopende interpretasies beïnvloed die opvattinge i.s. die aantal modi, selfs hul soorte.

Wanneer die grammatikus psigologiese feite probeer

1. Enwistle, bls.9.

2. Labuschagne: Helikon, No. 19, bls. 52.

3. Labuschagne: Helikon, NO. 18, bls. 42.

assimileer, besef hy dat hulle met die formalistiese tradisie van sinne bots. Tradisie het van sinne stellinge gemaak wat dan maklik in geskikte klasse kan inpas. Maar weens die uiteenlopendheid van spraakuitinge, het dit onmoontlik geword om hulle tot 'n paar sin-tipes te beperk.¹⁾ Die opvatting het ontstaan dat modi eintlik uitinge is wat die inclinationes animi van sprekers aandui.²⁾ Daar moet dus baie modi wees, met verskillende benaminge, maar omdat die grammatici beperk word tot die erkende name vir die verskillende modi, gee dit aanleiding tot meer misverstand en verwarring - veral in Latyn.

Grammatici was nog altyd bewus van die verskil tussen formele logiese stellinge en spraakuitinge, Dionysius Thrax het b.v. die modi soos volg klassifiseer:

1. aanwysend.
2. gebiedend.
3. wensend.
4. onderskikkend (hipotakties).

I.g. het die Romeine dan subiunctivus (coniunctivus) genoem. Diéindeling is baseer op die konstruksie van sinne.

Sedertdien is die psigiese houding van die spreker al hoe meer benadruk, maar op verskillende maniere. Sommige grammatici korreleer die uiting met die geestelike toestand en die voorwerpe (of gebeurtenisse) waarna verwys word. Ander weer, beskou modus as „the attitude of the speaker towards the utterances - namely, its reality, its probability, its desirability.“³⁾

Jespersen meen dat modi houdinge van die gedagtes van die spreker teenoor die inhoud van die sin aandui. Tog sê hy dat die keuse van 'n modus bepaal word nie deur die houding van die spreker self nie, maar deur die geaardheid van die sin self en sy verhouding tot die nexus waarvan dit afhanklik is. Verder meen hy dat daar slegs van modus gepraat kan word „if the attitude of the mind is shown in the form of the verb“

1. Kantor: An Objective Psychology of Grammar, bls. 278 et seq.
 2. Vgl. Sonnenschein: The Soul of Grammar, bls. 52.
 3. Kantor, bls. 280.

Modus is dus vir hom 'n sintaktiese kategorie. Terwyl ander grammatici voel dat die samestelling van woorde (in sinne) modus bepaal en nie die enkele woord nie, meen Jespersen egter dat as die veilige grond van werkwoordvorme verlaat word, daar oneindig baie modi gevind kan word.¹⁾ So kan daar dan bv. gepraat word van jussief, apodikties, dwingend, verpligtend, adviserend, biddend, aanmoedigend, toestemmend, wensend, begerend, aanwysend, twyfelend, potensieel, voorwaardelik, hipoteties, toegewend, ens.²⁾

Die probleem in Latyn is dat die konjunktief-vorm gebruik kan word om al die b.g. aan te dui.

Van die konjunktief sê Jespersen³⁾: Die tale wat 'n aparte vorm daarvoor het, gebruik dit nie vir dieselfde doel nie. Selfs al het hierdie modus dieselfde naam in Engels, Duits, Frans en Latyn is dit, streng gesproke, nie dieselfde ding nie. „It would be perfectly impossible to give such a definition of the subjunctive in any of these languages as would assist us in deciding where to use it and where to use the indicative, still less such a definition as would at the same time cover its employment in all the languages mentioned.“

Afrikaans het geen aparte werkwoordvorm vir die konjunktief nie en modale onderskeiding kan nie geskied deur 'n verandering van die werkwoordvorm nie. So 'n vorm is dan ook nie nodig nie, want modaliteit kan ook verkry word deur 'n besondere betekenis-skakering wat uit die samehang van die sin voortvloei. 'n Taal wat arm is aan vorme, is ryk aan funksies. „Om dus van verarming te praat is verkeerd, want 'n taal gee eers d'n vormverskeidenheid prys wanneer daar nuwe maniere van uitdrukking ontstaan, wat dieselfde diens doen en boonop meer in ooreenstemming is met die algemene ont-

1. Philosophy of Grammar, bls. 318.

2. Vgl. D.F. Malherbe: Afrikaanse Taalboek, bls. 114-5.

3. Philosophy of Grammar, bls. 48.

wikkeling en aard van die taal."¹⁾

Sonnenschein meen ook dat vorm (van die werkwoord) slegs een van die verskeie maniere is waardeur verskil in betekenis aangedui kan word: daar is ook nog verband, woordorde, frasering en intonasie.²⁾

Vgl. byvoorbeeld die o.s. sin:

Hanc (paludem) si nostri transirent, hostes expectabant; nostri, autem, si ab illis initium transeundi fieret...parati in armis erant.(Caes. B.C.II.9)

Hier is twee voorwaardelike sinne: in albei word die konjunktief gebruik. Uit die verband kan afgelei word dat die vyand oorgehaal was ingeval die Romeine die moeras sou oorsteek. Die autem maak 'n teenstelling. Die Romeine was ook oorgehaal, maar met die hoop dat die vyand die moeras sou oorsteek. Die gebruik van die konjunktief per se gee nie hierdie betekenis-skakeringe nie.

DIE LATYNSE KONJUNKTIEF ³⁾: 'N OORSIG VAN VERWANTE STUDIES.

Algemeen.

„Subiunctivus et ‚dubitativus‘ dicitur: ‚subiunctivus‘, vel quod subiungitur conjunctioni vel quod alteri verbo omnimodo vel subiungitur vel subiungit sibi alterum...⁴⁾

Iste igitur modus, id est subiunctivus, ut breviter vim eius colligam, apud Latinos est quando dubitationem, est quando comprobationem, est quando possibilitatem significat, in qua sunt etiam illa, qua suppositive inducuntur....⁵⁾

Dionysius Thrax van Alexandria (2de eeu v.C) het alreeds onderskei tussen aantorend, bevelend, wensend en onderskikkende modi. I.g. het hy hipotakties genoem (ὑποτακτικῶν) maar dié benaming het slegs aangedui dat die modus in ondergeskikte sinne gevind is. Die Romeine het dié woord vertaal met ‚SUBIUNCTIVUS‘ - „subjoining, and thus perpetuated the

1.D.F.Walherbe, bls.65.

2.Soul of Grammar, bls.154.

3.E.A.Abbot: Via Latina, bls. 67: The subjunctive, when not subjoined to some principal verb, is sometimes called a conjunctive.

4.Priscianus: Instit.Gram.(Keil) bls.241. 5. ibid. bls.247.

the use of a word which was not merely of a different order from 'indicative', 'imperative' and 'optative', but was positively misleading. Some Roman grammarians called the mood 'coniunctivus', and explained this term as signifying that the mood never stood alone, but always joined itself to another mood (the Indicative). This term then, was based on the same misconception as the term 'subiunctivus': they both ignored the non-dependent uses of the mood. What a pity no-one thought of calling the mood ἐπιτακτικῆς - a term which would have been translatable by the Latin 'iniunctivus', enjoining. This name would have been really descriptive of at least one of the fundamental meanings of the mood."1)

Die benaming konjunktief (of subjunktief) help nie altyd om te bepaal hoe dit gebruik moet word nie. Alhoewel die konjunktief hoofsaaklik in bysinne gebruik word, word die indikatief dikwels in sulke bysinne gebruik. 2)

Waar die indikatief eenvoudig aantoon dat iets is of geskied, (die handeling word voorgestel as onafhanklik van die gedagte of bedoeling of wil van die spreker), verbind die konjunktief die handeling met die gedagte, wil of bedoeling van die spreker, word dit voorgestel as daarvan afhanklik of ondergeskik .

Die twee hoofbegrippe in die Latynse konjunktief is die van wil en wens, maar „ het (kos) ons geen geringe moeite het onderscheid in het gebruik van den indicativus en den coniunctivusscherp in 't oog te vatten, te meer daar de Gr. en Rom. in menig geval eene andere wijze van beschouwing hadden dan wij. "3) Handford sê egter, in dié verband: „No-one...likely to assert that a perfectly clearcut distinction can be made between will and wish. "4)

Die konjunktief word dikwels in Latyn gebruik om iets aan te dui, nie as 'n feit nie, maar eerder as 'n begrip van iets waarna ons strewende of wensende om 'n feit te wees, maar waarvoor daar in Afrikaans geen aanduiding is van 'n spesiale modus nie.

1. Sonnenschein: The Soul of Grammar, bls. 52.

2. Bradley's Arnold (1920), bls 117.

3. Woltjer, bls. 240

4. The Latin Subjunctive, bls. 86.

DIE VERSKILLENDE GEBRUIKE VAN DIE KONJUNKTIEF.

By wyse van vergelyking en ook met 'n oog op 'n eie indeling, kan gelet word op die volgende indelings van die gebruike van die Latynse konjunktief:

Volgens Sonnenschein.¹⁾

- A. Konjunktiewe wat aandui dat iets gedoen moet word.
- B. Konjunktiewe wat aandui wat gedoen sou word onder sekere omstandighede.
- C. Konjunktiewe met verswakte betekenis in bysinne
(They differ little from indicatives of the corresponding tenses.)

Hy meen dat groep B uit groep A ontstaan het en dat groep C latere verskynsels is. Hy besluit dat "...The Subjunctive is in origin an expression of what is or was to be done." ²⁾ Hy beskou dan ook die begrip van verpligting "as a common denominator of all the subj. meanings, at any rate in indep. sentences." ³⁾ Die begrip van 'n bevel of 'n wens ens. is gedeeltelik te wyte aan die verband.

Groep A.

Enkelvoudige sinne.

- (a) Deliberativus (verpligting en toekomstigheid)
- (b) Iussivus. (bevele)
- (c) Optativus. (wense)

In bysinne.

(a) Substantiewe sinne.

- i. Afhanklike vrae (i.v.m. wat gedoen moet word)
- ii. Afhanklike bevele.

(b) Byvoeglike en bywoordelike bysinne. (wat aandui dat iets verpligtend, betaamlik ens. is).

- i. Gevolgsinne.
- ii. Doelsinne
- iii. Prospektiewe konjunktiewe.
- iv. Postulatiewe konjunktiewe

Groep B.

Voorwaardelike sinne.

1. A New Latin Grammar (2de uitgawe) bls.122.
2. Vgl. The Classical Review (XXV- 1911) bls. 245.
3. Aangehaal deur Handford: The Latin Subjunctive, bls 18.

Groep C.

Hier word groepeer die s.g. „verswakte“ konjunktiewe wat in slegs vyf ondergeskikte konstruksies gevind word.¹⁾

- i. Bysinne van tyd, oorsaak en toegewing.²⁾
- ii. Gevolgsinne (werklike gevolg) waaruit die qui-beskrywend ontstaan het.
- iii. Gevolgsinne na fit ut en verba dubitandi.
- iv. Afhanklike vrae (van feite)
- v. Byvoeglike en bywoordelike bysinne wat aandui dat gedagtes nie die spreker se eie is nie.

Volgens Roby.³⁾

- A. Hipoteties.
- B. Voorwaardelik.
- C. Wens (Bevel)
- D. Doel.
- E. Gevolg.
- F. Begeleidende omstandighede.
- G. Omskrywings, redes, vrae (nie die spreker se eie nie.)
- H. Bysinne wat van infinitiewe of konjunktiewe afhanklik is.

Slegs in groepe A en C word die konjunktief in enkelvoudige en hoofsinne gebruik. In die ander word die bysinne ingelei deur die relatiewe voegwoorde qui, si, ut, cum, of dum. Aangesien hierdie voegwoorde ook dikwels bysinne inlei waarin die indikatief gebruik word, is dit duidelik dat die gebruik van die konjunktief nie aan hierdie voegwoorde te wyte is nie.

Die b.s. agt klasse word soos volg groepeer:

A&B. 'n Hipotetiese konjunktief dui 'n handeling aan wat, alhoewel dit onwaerskynlik is, tog kan plaesvind onder sekere omstandighede. Soms word die voorwaarde genoem in 'n aparte bysin, maar gewoonlik word dit veronderstel.

'n Voorwaardelike konjunktief dui ook 'n handeling

1. Sonnenschein: Lat. Gram., bls. 168.
2. *ibid.*, bls. 169(nota) The Subj. in cum clauses of time, cause and concession did not become common until the time of Cicero.
3. Latin Grammar for Schools (1880), bls. 244 et seq.

aan wat, alhoewel dit waarskynlik nie sal plaasvind nie, tog veronderstel is om te kan plaasvind as die voorwaarde van 'n ander veronderstelde handeling.

C & D. In hierdie sinne is die subjektiewe aard van die konjunktief duidelik.

Optatiewe en jussiewe konjunktiewe kom voor in hoof- en enkelvoudige sinne. Hulle dui handeling aan wat of gewens, of afgekeur of beveel of verbied word.

Die finale-konjunktief dui 'n handeling aan as 'n doel wat uitgevoer gaan word.

'n Kenmerk van hierdie twee groepe is dat ne gebruik word in die negatief.

Hier word ook ingesluit doelsinne na ut en qui; afhanklike bevele; bysinne na verba timendi; dumsinne wat afwagting aandui; bysinne na prius- en potiusquam wat 'n verwagte handeling verhoed.

E & F. Die konsekutiewe konj. dui handeling aan wat beskou kan word as kenmerkend van persone of dinge, of as die natuurlike (logiese) gevolg van ander handeling. Die konjunktief dui nie aan dat die handeling nie-werklik is nie: dit word gebruik om te kan onderskei tussen die pedagte en die werklike feit. Maar die konjunktief kan ook 'n werklike handeling aandui wat gesien word as die begeleidende oorsaak of omstandigheid, waaronder of tenspyte waarvan, ander handeling plaasvind.

G & H. Die konjunktief word gebruik om te onderskei tussen wat oorspronklik gesê is en wat meegedeel word. Die konjunktief word ook gebruik in bysinne wat 'n belangrike deel van 'n infinitiewe- of konjunktief-

tiewe-sin uitmaak . Sulke bysinne staan nie onafhanklik as 'n verklaring of verduideliking nie.

Volgens Handford.¹⁾

Handford baseer sy indeling van die gebruike van die konjunktief op die bevinding dat

i. in sommige sinne die konjunktief sy modale krag tot 'n groot mate behou het, en dat

ii. deur die eienaardige neiging van Latyn om die gebruik van die konjunktief tot sy uiterste perke uit te brei²⁾ ("by a continual process of analogical extension and attraction, the indic. in subord. clauses was gradually replaced by the subj.")³⁾ die modale betekenis van die konjunktief verswak en min of meer verlore gegaan het, totdat dit in baie gevalle slegs 'n teken geword het van ondergeskiktheid.⁴⁾

Onder (i) word groepeer:

- (a) Bysinne wat uit die iussivus ontwikkel het.
- (b) Konjunktiewe wat verpligting aandui.
- (c) Konjunktiewe wat toekomstigheid aandui.
- (d) Konjunktiewe wat wense aandui.
- (e) Konjunktiewe wat moontlikheid aandui.

Onder (ii) word groepeer:

- (a) Konjunktiewe deur attraksie.
- (b) Konjunktiewe in O.O. en in skynbare O.O.
- (c) Konjunktiewe met verswakte betekenis (in gevolgsinne; na prius quam, dum, qui en cum; in afhanklike vrac.)

1. The Latin Subjunctive (194~~8~~⁷)
 2. ibid. bls. 148.
 3. ibid. bls. 139.
 4. ibid. bls. 23.

DIE OORSPRONKLIKE ONAFHANKLIKE KONJUNKTIEWE IN ENKEL-
VOUDIGE SINNE.

As ons uitgangspunt aanvaar word dat die Latynse konjunktief oorspronklik verskeie betekenisgehalte gehad het en dat „important new shades of meaning and changes and extensions of its usage began to develop very early and continued to develop through most of the life of the language,"¹⁾ is dit nodig om eerstens kortliks na dié konjunktiewe in hoof- en enkelvoudige sinne te verwys.²⁾

(a) Die DELIBERATIVUS (dubitativus) staan in 'n vraag wat twyfel, beraad of onbeholpenheid uitdruk (i.v.m. wat gedoen moet word).

(b) Die OPTATIVUS druk 'n wens uit, en, in die eerste pers. meerv., aanmoediging. Gewoonlik word utinam vooraan gevoeg. Dum, dummodo of modo dui aan dat 'n wens by 'n stelling gevoeg word in die vorm van 'n voorwaarde of beperking.³⁾ Die ontkenning is ne.

(c) Baie na verwant aan die optativus is die IUSSIVUS wat 'n bevel in 'n beskafte vorm aandui. Dit word gewoonlik in die tweede- en derde-persone gebruik. Die ontkenning is ook ne.

(d) Die POTENTIALIS word gebruik om die moontlikheid van 'n handeling te kenne te gee of ook om met beskeidenheid 'n oordeel uit te spreek.

KRITIEK.

Prof. Lindsay twyfel aan die wenslikheid en selfs aan die moontlikheid om die gebruike van die konjunktief terug te spoor na kategorieë van wens, afwagting, moontlikheid ens. Hy besk u sintaktiese funksies as verskynsels wat ontstaan het uit assosiasie en analogie-werking. Maar prof. Hale beskou die Latynse konj. „" as having probably

1. Handford, bls. 22.

2. Sonnenschein: Lat. Gram., bls 150: Most of the (above) uses of the subj. in simple sentences and main clauses cannot occur in historical narrative: hence they are not found in Caesar's Gallic War.

3. Madvig: Lat. Gram. bls. 306.

developed from four sources - a volitive, an anticipatory, an optative and a potential." ¹⁾

Prof. Morris waarsku teen die neigings van die (moderne) analitiese benadering van hierdie probleem. "We are too prone to analyse the semantic content of a form in a manner foreign to the primitive (?) speaker...A truly logical and well-defined concept like 'future-time' or 'potentiality' requires a very considerable amount of logical acumen and effort: it stands, not at the beginning, but at the end of a long line of development. Out of many uses, varied and shifting within a certain range, arose slowly the consciousness of common elements of meaning, by which single uses were bound together into groups and smaller groups into larger." ²⁾

I.v.m. die verskillende soorte oorspronklike konjunktiewe sê hy o.a.: "The 'Potential' does not exist, has had no source, has no connexion with the 'Volitive' (which also does not exist) and therefore has no history." In 'n uitdrukking bv. soos velim adeas, meen hy dat velim nie 'n oorspronklike potentialis is nie, maar konjunktief is deur attraksie. ³⁾ Kroll het die probleem so gesien: "Die ganze Vorstellung liegt in der Sphäre des Wunsches, und das ^{führt} dazu dass man auch das den Wunsch ausdrückende Verbum in den Modus des Wunsches setzt." ⁴⁾

Daar is geen rede waarom daar nie 'n oorspronklike begrip van potentialis kon gewees het nie (sou, wou, kon) .

.....dempta tenet arbore pomum:

Hesperidas donasse putes; (Ovidius: Metam. XI 129-130)

Putes stel die mening van die skrywer voor bloot as 'n hipotese. Die voorwaarde is nie alig nie, of is so vanselfsprekend dat dit nie hoef genoem te word nie.

1. Vgl. Syntax of Plautus, aangehaal in This Year's Work in Classical Studies, 1909.

2. Principles and Methods in Latin Syntax (1901): This Year's Work in Classical Studies, 1909, bls 108.

3. Handford, bls. 101.

4. Glotta, Zeitschrift für griechische und lateinische Sprache (7.29) - aangehaal deur Handford, bls. 102.

INDELING VAN BYSINNE.

'n Indeling van die verskillende gebruike van die Latynse konjunktief kan slegs empiries wees en nie wetenskaplik nie. Dit is nie altyd moontlik om te bepaal hoe verskillend die gebruike werklik is nie. „ Their spheres of use are contiguous, and from the beginning there had been a neutral ground, in which one could be used as well as the other.¹⁾ ..
We must beware of constructing a too symmetrical and logical scheme.“²⁾

„De afhanklike zin neemt de plaas in van den hoofdzin: van het onderwerp, van het gezegde, van het voorwerp of van eene andere bepaling. Wij kunnen ons voorstellen, dat men eerst alleen in hoofdzinnen sprak; dat daarna hoofdzinnen naast elkander werden geplaatst; dat eindelijk de eene zin onder den anderen, van dezen afhankelijk, werd gesteld.“³⁾

Die naasmekaarstelling van onafhanklike sinne sonder voegwoorde word parataxis genoem. Wanneer 'n onafhanklike sin ondergeskik raak aan 'n ander, word die verskynsel hipotaksis genoem.

Gewoonlik word die afhanklike sin met die hoofsin verbind d.m.v. 'n voegwoord. „Het voegwoord....verandert naar den aard en de beteekenis van den afhanklike zin: van de aard en de beteekenis van den afhanklike zin hangt echter ook de modus af, dien men gebruikt; vandaar, dat het schijnen kan alsof de modus van de coniunctio afhang...Evenals de praeposities samengaan met de casus, maar ééne praepositie twee verschillende casus bij zich hebben kan, zoo gaan ook de coniuncties met de modi, maar kan ook ééne coniunctio by twee verschillende modi worden gebruikt.“⁴⁾ Om diérede is dit dan eintlik verkeerd om te sê dat ut 'n konjunktief neem in 'n afhanklike bevel. Wat in werklikheid gebeur, is dat die konjunktiewe bysin in hierdie konstruksie 'n ut neem.⁵⁾

1. Handford, bls 16, nota 2.

2. Handford, bls. 29.

3. Woltjer: Lat. Gram. bls. 245.

4. Woltjer, bls 250.

5. Sonnenschein: Lat. Gram. bls. 151.

Indeling.

- A. Bysinne waarin die konjunktief sy modale krag behou het, of waarin die modale krag nie baie verswak is nie.
1. Konjunktiewe wat ontstaan het uit die oorspronklike jussief/optatief, en wat aandui dat iets gedoen moet word.
 - (a) Afhanklike bevel. (Die afhanklike iussivus)
 - (b) Doelsinne
 - (c) Gevolgsinne.
 2. Konjunktiewe wat ontstaan het uit die oorspronklike konjunktief in vrae (deliberativus)
 - (a) Bysinne na verba impediendi.
 - (b) Bysinne na verba dubitandi.
 3. Konjunktiewe wat aandui dat iets gedoen sal word of sal gebeur onder sekere omstandighede (uit die oorspronklike potentialis).
 - (a) Voorwaardelike sinne.
 - (b) Voorwaardelike sinne van Vergelyking.
- B. Konjunktiewe met verswakte betekenis.
1. Gevolgsinne (werklike gevolg).
 2. Die Prospektiewe Konjunktief.
 3. Bysinne van begeleidende omstandighede.
 4. Attraksie.
 - (a) Oratio Obliqua.
 - (b) Skynbare Oratio Obliqua.
 - (c) Afhanklike vrae.
-

TEMPORA ET MODI.

Es ist schwierig oder wenigstens nicht praktisch, die Tempuslehre von der Moduslehre gänzlich zu trennen, ...Ausserdem kann man nicht bei der Lehre vom einfachen Satze stehen bleiben, sondern muss gelegentlich die Nebensätze heranziehen...." 1)

Aangesien die byzin ontstaan het uit die newereskik-
te, (hypotaxis uit parataxis), het die tye van die konjunktief
oorspronklik 'n onafhanklike waarde gehad, en bloot in verband
met tyd gestaan. 2) Haar naaste die modale krag van die kon-
junktief afgeneem en verswak het, het die afhanklikheid van
die konjunktief van die tyd van die hoofsin sintakties
formeel geword. "When once the subjunctive was no longer
simply a means of expressing will, wish and potentiality, but
had come to state or suggest facts, and to convey complex
ideas in oratio obliqua, it was inevitable that the need
should arise for a use of the subj. tenses as free as was the
use of the indicative tenses, in order to be able to place
actions in any required temporal sphere from the speaker's
point of view, to convey accurately the time-relations
between the verbs, to express incomplete or completed action...
These requirements were bound sometimes to conflict with the
sequence-habit." 3)

Hierdie beginsel van consecutio temporum (primêre
tye word gevolg deur primêre tye en historiese deur historiese)
het ontstaan deur die herhaaldelike gebruik van die onaf-
hanklike praesens konjunktief na teenwoordige- of toekomstige-
hoofwerkwoorde, en hul vervanging deur die imperf. konj.,
waar die hoofwerkwoord na die verlede verwys (in alle ne-
sinne, in byna alle ut-sinne, in qui-doelsinne, in sinne na
quin, quominus, dum en dummodo). Gildersleeve and Lodge noem
dit : A mechanical leveling... so that a conventional

1) Draeger: Hist. Syn. der Lat. Sprache, I, bls. 228.

2. Gildersleeve and Lodge, bls. 51k.

3. Handford, bls 141.

Sequence of Tenses must be recognised. To substitute for every dependent tense a corresponding independent tense, and so do away with the whole doctrine of Sequence, is impossible. At the same time it must be observed that the mechanical rule is often violated by a return to the primitive condition of parataxis." ¹⁾ Hoe meer onafhanklik die logiese verwantskap is tussen die hoofsin en die sintakties-ondergeskikte bysin (bv. in gevolgsinne), hoe makliker word die beginsel van consecutio temporum veronagsaam terwille van die natuurlike en presiese uitdrukking van die betekenis waarna gestreef word. ²⁾

Dan skep die benaming van die vorme van die konjunktief ook heelwat verwarring. Die name kom nie presies ooreen met hul primêre betekenis nie. Oorspronklik was die modale krag van die konjunktief sterk en die temporale het slegs verwys na 'n ideaal in die hede of toekomst (praesens konj.) of in die verlede (imperf. konj.). In sênselike konjunktiewe met verzwakte modale krag, eerder, word in imperf. konj. imperfektum genoem slegs omdat dit gelykstaen aan 'n imperf. indikatief, wat betekenis betref. ³⁾

Die praes. konj. word dikwels gebruik wanneer die handeling wat beskryf word, in werklikheid toekomstig is, gedeeltelik omdat die begrip van tyd duidelik genoeg is uit die aard en konstruksie van die stelling wat gesaak word, en gedeeltelik omdat daar nie eintlik presies onderskeid word tussen die hede en die toekomst nie. (Die konjunktief het nie 'n futurum-vorm nie, behalwe 'n perifrastiese, en dit ook slegs in die aktief. ⁴⁾) Dikwels word die praes. konj. gebruik om gelyktydige handeling aan te dui na primêre hoofwerkwoorde, veral in die toekomstige tyd:

Legatos mittunt qui doccant...
 maar ook: Legatos mittent qui doccant...

1. Lat. Gram. bls. 314.

2. Vgl. Landford, bls. 141; Drasger I, bls. 236; Sonnenschein 177.

3. Sonnenschein: Lat. Gram. bls. 166.

4. Vgl. Levis, bls. 334.

Die verlede tyd in 'n ondergeskikte konjunktief word aangedui deur die perfektum, as die hoofwerkwoord primêr is:

eos accusat. praesertim cum magna ex parte eorum precibus ad ductus bellum susceperit. (I.16)

As die hoofwerkwoord self na die verlede verwys, word die imperfektum (praesens in praeterito) of die plusquamperf. (praeteritum in praeterito) in die bysin gebruik, of albei:

Interim ad Labienum incredibili celeritate de victoria Caesaris fama perfertur (historiese praes.) ut, cum ab hiernis Ciceronis milia passuum abesset circiter LX, eoque post horam nonam diei Caesar pervenisset, ante median noctem ad portas castrorum clamor orocitur, quo clamore significatio victoriae gratulatioque ab Remis Labieno fieret. (V.55)

Die perf.konj. word soms in gevolgsinne gebruik na 'n historiese hoofwerkwoord as die bewering in die bysin beskou kan word as 'n (historiese) feit en nie slegs in verband staan met die handeling in die hoofsin nie, of na 'n bepaalde tyd verwys nie.¹ Hierdie gevalle word hieronder verder bespreek.

Die Historiese Praesens.

I.v.m. konjunktiewe wat van die historiese praesens afhenklik is, moet daarop gelet word dat lg. volgens sy betekenis as 'n verlede tyd, en volgens sy vorm as 'n teenwoordige tyd beskou kan word.

As die bysin die hoofsin voorafgaan, gebruik Cicero reëlmatig die imperf. of plusquamperf.konj., en volgens Draeger volg Caesar "im Allgemeinen dem Sprachgebrauche Cicero's."2)

Caesar ne graviore bello occurreret, maturius quam consuerat, ad exercitum proficiscitur. (IV.5)

Caesar, cum constituisset hiemare in continenti propter repentinos Galliae motus neque multum aestatis superasset.....obsides imperat. (V.22)

1 Madvig, bls 337.

2. Hist. Synt. Spr., bls. 232.

As die bysin die hoofsin volg, is daar geen bepaalde reël by Cicero nie. As die historiese praesens die bysin(noc) voorafgaan, bestaan die volgende moontlikhede:

i. Imperat suis ut paulo tumultuosius omnibus locis pervagentur. (VII.45)

ii. His paucos addit equites qui latius ostentationis causa vagentur. (VII.45)

Wierdie twee sinne volg kort op mekaar in dieselfde paragraaf, wat daarop dui dat by Caesar daar ook geen bepaalde reël i.v.m. die keuse van tempus-vorm na 'n historiese praesens bestaan nie.

Praesens Konjunktief in die bysin.

iii. Caesar equitatum omnem mittit, qui videant... (I.15)

iv. Etunt... ut sibi pareat... (VI.9)

v. Ad eum legati veniunt, qui polliceantur.. (IV.21)

Imperfektum Konjunktief in die bysin.

vi. Legatos... mittunt... ut a Sequanis impetrarent. (I.9)

vii. Coram perspicit, sic ut missis circiter XI. navibus, reliquas tamen refici posse... videntur. (V.11)

viii. Itaque eius rei causa... institutum videtur ne quis ex plebe contra potentiorum auxilium operet. (VI.11)

Plusquamperfektum Konjunktief in die bysin.

ix. Cum caesare agit Helvetios in eam partem ituros... ubi eos Caesar constituisset. (I.13)

x. Prima luce sic ex castris proficiscuntur ut quibus esset persuasum, non ab hoste, sed ab homine amicissimo consilium datur. (V.31)

Gewoonlik speel die perf. part. 'n groot rol in die keuse van tye in die bysin.

i. Vacua castra hostium Caesar conspicatus... milites, qui ex oppido animadvertentur, ex maioribus castris in minora traducit. (VII.45)

Alhoewel traducit 'n historiese praesens is, en die bysin die hoofsin voorafgaan, is animadvertentur ook imperf. omdat dit van conspicatus afhanklik is.

- ii. His rebus pernotus, Futurius, cum procul Ambio-
rigem conspexisset, interpretem. ad eum mittit. (V.36)

Caesar gebruik byna altyd die imperf. konj. in 'n bysin wat van 'n perf. part. afhanklik is, al is die hoofwerkwoord 'n historiese praesens. In die o.s. sin is daar egter 'n uitsondering:

- iii. Adhortatus milites ne necessario tempore itineris
permoveantur,.....agnem Aeduorum conspicatus...
iter eorum moratur atque impedit. (VII.240)

In die oratio obliqua word die tye wat oorspronklik deur die spreker gebruik is, dikwels behou. Hierdie verskynsel heet repraesentatio. In plaas daarvan dat slegs die imperf. en plusquamperf. konjunktiewe gebruik word na 'n historiese verba dicendi, word 'n praes. of perf. konj. dikwels gebruik as daar in die oratio recta 'n praes. of perf. indikatief sou gestaan het - om die verhaal lewendiger te maak. As voorbeeld hiervan kan verwys word na twee toesprake in die O.O.:

I.31. In die eerste gedeelte volg elf reëlmatige imperf. en plusquamperf. konjunktiewe na een historiese hoofwerkwoord. Dan volg heelonverwags 'n perf. konj. (potuerit). Hierop volg nog elf reëlmatige imperf. en plusquamperf. konjunktiewe. Van hier af (Ariovistus autem...) volg vier perf. en tien praes. konjunktiewe. Die veronderstelde hoofwerkwoord moet 'n historiese praesens wees, want die werkwoorde verwys na toestand wat op daardie oomblik nog heersend was.

I.44. Hier kry ons vyf praes. en ses perf. konjunktiewe na een historiese hoofwerkwoord; dan sewe imperf. en een plusquamperf. konj.: en dan weer habebat, decedat, interfecerit, en eindelijk, twee imperf. en twee plusquamperf. konjunktiewe.

Dit wil voorkom asof die gebrek aan afwisseling in die uitgaande die herhaalde verandering van verbaalvorme

veroorzaak het. „Andere rhetorische Zwecke, wie etwa die Erreichung einer grösseren Lebhaftigkeit und Nachdrücklichkeit, sind nicht zu erkennen.“¹⁾

Verder, kan daarop gelet worden dat **die** Repraesentation nach regierenden Praeteritum im ersten Buche des Bell. Gall. an 6 Stellen, im dritten Buche sogar 21 Mal vorkommt. Noch gewöhnlicher hat Caesar die Repraesentation nach regierenden Praes. historicum.²⁾

1. Draeger, bls. 239.

2. *ibid.*

DEEL TWEE .C. IULIUS CAESAR SE GEBRUIK VAN DIE KONJUNKTIEFIN DIE BYSIE.

- A. Bysinne waarin die konjunktief sy modale krag behou het, of waarin die modale krag nie baie verswak is nie.
1. Konjunktiewe wat ontstaan het uit die oorspronklike jussief/optatief, en wat aandui dat iets gedoen moet word.
- (a) Afhanklike bevele.

Die afhanklike bevel is die eenvoudigste vorm van hipotaxis aangesien geen voegwoord nodig is nie (in positiewe sinne). So 'n sin bestaan uit 'n hoofsin (met 'n verbum imperandi /rogandi/ petendi) plus 'n optatiewe of jussiewe konjunktief. Met verloop van tyd het die gebruik van ut as subordinerende voegwoord algemeen geraak, maar dit bly slegs 'n teken dat die konjunktief ondergeskik is aan die hoofwerkwoord.

Werkwoorde wat deur hierdie konstruksie gevolg word, is die wat beteken: maak dat, bewerk dat, sorg dat, versoek dat; aanspoor om te, oorreed om te, dwing om te, beveel om te, toelaat om te, ens. Woltjer gee 'n lys van ses-en-veertig sulke werkwoorde.¹⁾

Impero + Datief + ut/ne + konjunktief.

- i. Ubiis imperat ut pecora deducant (VI.10)
- ii. Eis imperat uti...castra navalia...adoriantur(V.22)
- iii. Suis ut idem faciant imperat.(V.37)
- iv. Imperat Cassivellauno ne Mandubraccio neu Trinobantibus noceat. (V.22)
- v. Caesar...ad se ut reducerentur imperavit (VI.32)

1. Lat. Gram. bls. 256. Vgl. ook Gildersleeve & Lodge, bls. 347.

Caesar gebruik dikwels ander werkwoorde of uitdrukkinge wat gelyk staan aan impero.

- i. Labieno scribit ut quam plurimas posset...naves instituat.(V.11)
- ii. Ambiorix pronuntiari iubet ut procul tela coiciant(V.34)
- iii. Caesar...litteras nuntiosque misit ne frumento neve alia re iuarent. (I.26)
- iv. Civitates ...habent legibus sanctum...uti ad magistratum deferat.(VI. 20)

Drie gevalle kan opgespoor word waar Caesar nie 'n konjunktief na impero gebruik nie:

- i. Has omnes actuarias imperat fieri.(V.1)
 - ii. Equitatus...mittit (eum) retrahi imperat.(V.7)
 - iii. Quinque..legiones...proficisci imperat. (VII.60)
- Die akkusatief met die infinitief kan met impero gebruik word, mits die werkwoord 'n deponens is(of passief).

Verba monendi,petendi,hortandi,postulandi,impellendi, permittendi.

- i. Monet ut ignis fieri in castris prohibeat.(VI.29)
- ii. Petunt et orant ut sibi parcat. (VI.9)
- iii. Diviciacus..obsecrare coepit ne quid gravius in fratrem statueret.(I.20)
- iv. Milites non lon longiore oratione cohortatus, quam uti suae pristinae virtutis memoriam retinerent (II.21)
- v. Helvetii persuadent Rauracis..uti..proficiscantur.(I.5)
- vi. Tum suo more conclamaverunt uti aliqui ex nostris ad colloquium prodiret.(V.26)
- vii. Re impetrata contendunt ut ipsis summa imperii tradatur.(VII.63)
- viii . huic permisit..uti in his locis legionem hiemandi causa collocaret.(III.1)
- ix. Obtestatur ut suae salutis rationem habeant neu se..dedant.(VII.71)
- x. Legatos..miserunt oratum ne se in hostium numero duceret. (VI.32)

Soms word die voegwoord weggelaat (in positiewe sinne).

- i. Labienum hortatur...ad diem revertantur.(VI.33)
 - ii. si quid vellent, ad Id. April. reverterentur.(I.7)
 - iii. Consolatus rogat finem orandi faciat. (I.20)
 - iv. Atque ubi quis ex principibus in concilio dixit se
ducem fore, qui sequi velint profiteantur..consurgunt.
(VI.23)
 - v. postulavit..uterque cum equitatu veniret (I.42)
 - vi. Simul ab Pompeio..petit..quos ex Cisalpina Gallia
consulis sacramento rogavisset ad signa convenire
et ad se proficisci iuberet. (VI.1)
 - vii. Milites certiores facit, paulisper intermitterent
proelium. (III.5)
- (Let op die buitengewone gebruik van certiozem facere).
- viii. Cum vellet, congregeretur.(I.36)

In al hierdie voorbeelde is die konjunktiewe afhanklike iussivi. Hulle is ook goeie voorbeelde van parataxis. Die imperf. konj. word gebruik as die hoofwerkwoord histories is.

Die o.s. interessante voorbeeld illustreer die ontwikkeling van hipotaxis uit parataxis:

Ipsa roges, „Zephyri veniant in lintea pleni!“¹⁾

(Mag jy soebat; „Laat die sterk weste-winde.....kom!“)

= Ipsa roges ut Zephyri veniant...

(Mag jy soebat DAT die winde.....kom.)

Die afhanklike bevel het dan uit die iussivus ontwikkel, gewoonlik met ut of ne. „When once clauses of this nature were established as a subord. type, their use was greatly extended, and they are commonly employed after verbs of very varied meaning - command, request, desire etc.“²⁾

1. Ovidius: Freeman's Selections, r.623.
2. Handford, bls. 50.

(b) Doelsinne.

Die doel wat aangedui word deur die konjunktief van die bysin, is altyd die doel in die gedagte van die onderwerp van die werkwoord waarvan die doelsin afhanklik is.

„Purpose clauses quote what a person intends or has intended i.e. a wish or a command.“ 1)

Anders as in die geval van afhanklike bevel, is die konjunktief van doel afhanklik van voegwoorde - relatiewe bnwe. en bywoorde:

(a) ut (uti) en ne .

(b) qui, waar qui = ut is. Sulke doelsinne is nie gewoonlik negatief nie,

(c) quo, as daar 'n komparatief is.

Die konjunktief in doelsinne moes oorspronklik jussie gewees het. Die voegwoord ne moes, in die parataktiese vorm, 'n negatiewe bevel uitgedruk het in 'n sin soos:

Multas adferunt causas:...ne accuratius ad frigora atque aestus vitandos aedificent...(VI.22)

(ne..aedificent = Laat hulle nie bou nie!)

Gewoonlik is daar geen aanwysende werkwoord in die hoofsin nie.

Primêre consec.temp.

- i. Haec ut intellegatis, inquit, a me sincere pronuntiari, audite Romanos milites. (VII.20)
- ii. Omnes evocat..ad diripiendos Eburones, ut potius in silvis Gallorum vita quam legionarius miles periclitetur. (VI.34)
- iii. Dumnorigi custodes ponit, ut quae agat...scire possit. (I.20)

Historiese consec. temp.

- i. Constituerunt...domum suam..reverti..ut potius in suis quam in alienis finibus decertarent. (II.10)
- ii. Milites misit, ut eos..persequerentur. (V.10)
- iii. Nostri..ut impeditos aggrederentur parati..erant. II.9

1. Vgl. Walters & Conway: *Limen*, bls. 197: Purpose clauses are always oblique.

Historiese praesens.

- i. Caesar omni exercitu..disposito,ut..suum quisque locum teneat et noverit, equitatum..educi iubet. (VII.80).

(Hier is een van die weinige gevalle waar primêre konjunktiewe 'n historiese praesens voorafgaan.)

- ii. Frumentum omne comburunt, ut domum reditionis spe sublata paratiores ad omnia pericula subeunda essent. (I.5)
- iii. reliquas copias Helvetiorum ut consequi posset, pontem in Arari faciendum curat. (I.13)

Soms gebruik Caesar twee of meer ut-finale sinnein dieselfde sin.

- i. Romani conversa signa bipertito intulerunt: prima et secunda acies, ut victis..resisteret: tertia,ut venientes sustineret. (I.25)
- ii. Utrique sese loco suo continent: Galli quod..expectabant: Caesar, si forte..hostes in suum locum elicere posset, ut citra vallem pro castris proelio contenderet: si id efficere non posset, ut exploratis itineribus minore cum periculo vallem..transiret. (V.50)

Dikwels word die konstruksies netjies afge-wissel.

- i. Germani..ad eum in castra venerunt, simul..sui purgandi causa..simul ut..de indutiis fallendo impetrarent. (IV.13)
- ii. Tamen, ut spatium intercedere posset, dum milites convenirent, legatis respondit diem se ad deliberandum sumpturum.(I.7)

In die o.s. sin laat Caesar die (tweede) ut weg:

Ut in eiusmodi difficultatibus ... ut potius in nocendo aliquid praetermitteretur, etsi omnium animi ad ulciscendum ardebant, quam (ut) cum aliquo militum detrimento noceretur.(VI.34)

Doelsinne na aanwysende snwe. in die hoofsin.

- i. Quam maxime potest contrahit eo consilio ut in summam contemptionem hostibus veniat.(V.49)

- ii. hostes..constiterunt hoc animo utacie instructa depugnarent.(VII.28)
- iii. Eius rei multas adferunt causas...ut animi equitate plebem contineant(VI.22)
- iv. De senatus consulto certior factus, ut omnes iuniores...coniurarent.(VII.1)

Quo (= ut eo) word gebruik as daar 'n komparatief in die bysin voorkom.

- i. Quo facilius hostibus timoris det suspicionem, maiore strepitu..castra moveri iubet.(VI.7)
- ii. Cum ad oppidum..venisset..quo expeditiore re frumentaria uteretur, oppugnare instituit(VII.11)
- iii. In quos eo gravius Caesar vindicandum statuit quo diligentius..a barbaris ius legatorum conservaretur.(III.16)

Quo sonder 'n komparatief is seldsaam¹⁾

- i. Quod..domi nihil erat quo(= ut eo) famem tolerarent. (I.28)
- ii. Equites...omnibus in locis pugnant quo se legionariis militibus praeferrent.(II.27)

(Praeferrent sinspeel op 'n vergelyking tussen die ruitery en die soldate.)

Negatiewe doelsinne.

As daar nie 'n voorafgaande gekoördineerde doelsin is nie, word ne gebruik.

- i. Aditum sermonemque sceleratorum defugiunt ne quid..incommodi accipiant. (VI.13)
- ii. Multas adferunt causas: ne..studium belli gerendi agri cultum commutent; ne latos fines parare studeant...ne accuratius..aedificent; ne qua oriatur pecuniae cupiditas (VI.22)

As die tweede doelsin negatief is, word dit ingelei deur neu, neve.

- iii. Praeterea oppida incendi oportere, quae non..ab omni sint periculo tuta, neu suis sint ad detrec-
tandam militiam receptacula neu Romanis proposita

1. Vgl. Gildersleeve & Lodge, bls 345: Quo without comparative is rare and cited only from Plautus, Terence, Sallust, Ovid and Late Latin.(?)

ad copiam commeatus praedamque tollendam. (VII.14)

Soms volg 'n positiewe doelsin op 'n negatiewe.

Ne omnino metum reditus sui barbaris tolleret atque ut eorum auxilia tardaret. (VI.29)

Ne word nie in die o.s. sin gebruik nie, want dit is slegs die werkwoord de-esset wat negatief is.

Ex eo die dies continuos quinque Caesar pro castris suas copias produxit. ut, si vellet Ariovistus proelio contendere, ei potestas non deesset. (I.48)

As ita of sic in die hoofsin bygevoeg word, word die bysin 'n gewone negatiewe gevolgsin.

QUI (=ut is)

- i. Caesar equitatum..mittit qui videant..(I.15)
- ii. Neque druides habent,qui rebus divinis praesint.(VI.21)
- iii. Magistratus qui ei bello praesint..diliguntur.(VI.23)
- iv. Relatis in publicum cornibus, quae sint testimonio.
(VI.28)

In b.s. sinne verwys die relatiewe vnw. na 'n antesedent, wat in elke geval vóór die doelsin kom.

Maar die relatiewe vnw. staan nie altyd in die Nom.

nie:

- v. Subito clamore sublato, qua significatione qui in oppido obsidebantur de suo adventu cognoscere possent..quae ad oppugnationem pertinent parant administrare. (VII.81)
- vi. Sarmentis virgultisque collectis quibus fossas Romanorum compleant, ad castra pergunt. (III.18)

Die bysin kan die antesedent voorafgaan:

- vii. Duas legiones..conscripsit et in ita aestate in ulteriorem Galliam qui deduceret Q. Pedium legatum misit. (II.2)

Die antesedent hoef nie na 'n persoon te verwys nie.

- viii. Praesidium Cenabi tuendi causa quod eo mitterent comparabant. (VII.11)

ix. Murum, qui nostrorum impetum tardaret, praeduxerant Galli. (VII.46)

. (Murum quo...sou miskien logieser gewees het.)

x. Sublicae..agebantur quae..vim fluminis exciperent. (IV.17)

Die antesedent kan ook in die doelsin staan:

xi. eo..sedecim milia expedita..Ariovistus misit quae copiae nostros perterrarent. (I.49)

Ut- en qui-sinne kom dikwels in dielfde sin voor:

xii. Cohortatus Aeduos ut...peditum milia X sibi celeriter mitterent, quae in praesidiis rei frumentariae causa disponeret. (VII.34)

xiii. Placuit ei ut ad Ariovistum legatos mitteret, qui ab eo postularent uti aliquem locum ..deligeret. (I.34)

Doelsinne na verba impediendi.¹⁾

i. ..sese neque obsides repetituros neque recusatu quo minus perpetuo sub illorum..imperio essent. (I.37)

ii. ..Germanos..neque bellum inferre neque tamen recusare..quin armis contendant (IV.7)

Recuso kan ook gevolg word deur ne+konj. (geen voorbeeld in Caesar nie) en daar is een voorbeeld waar dit 'n infinitief regeer:

iii. Neque..repertus est quisquam qui..mori recusaret. (III.22)

iv. Interdicit..Cassivellauno ne Mandubraccio noceat. (V.22)

v. Interdicitque omnibus ne quemquam interficiant. (VII.40)

vi. Quoniam in praesentia obsidibus cavere non possint, ne res efferatur. (VII.2)

Cave ne res efferatur is 'n (sekondêre)ontwikkeling deur analogie, van uitdrukkinge soos:

fac venias, fac(ut)venias
cave eas, cave (ne) eas.

vii. Id ne accideret, magno opere sibi praecavendum Caesar existimabat. (I.38)

1. Gildersleeve & Lodge, bls.348, gee 'n lys belangrike werkwoorde, maar min van hulle kom in Caesar voor.

Caesar gebruik dcurgaans die praesens infinitief na prohibeo. Hy gebruik nooit quo minus na impedio nie. Ad met die akkusatief van die gerundium of gerundivum van 'n werkwoord van beweging volg dikwels op verba impediendi.

Doelsinne na verba timendi.

Die parataktiese oorsprong van hierdie soort sinne is duidelik. Die voegwoorde ne en ut na werkwoorde soos vereor en timeo en die snw. timor, was oorspronklik partikels wat wense uitgedruk het: ut (hoe?) word gebruik in positiewe wense, ne in negatiewe wense.

Vrees vir iets in die toekoms word uitgedruk deur die praes.konj., maar na 'n regerende werkwoord in die verlede tyd, word die imperf. konj. gebruik.

- i. Cum aliis alii subsidium ferret neque timerent ne aversi ab hoste circumvenirentur..fortius pugnare coeperunt.(II.26)

neque timerent ne...circumvenirentur is 'n ontwikkeling van(neque)timemus ne circumveniamur.

= ons vrees;laat (mog) ons nie omsingel word nie.

= ons vrees ons sal omsingel word.

m.a.w. 'n negatiewe wens = 'n positiewe vrees.

- ii. ne eius supplicio Diviciaci animum offenderet verebatur. (I.19)
- iii. Quos..silentio ex fuga exceptit veritus ne..seditio oreretur.(VII.28)

Ut-sinne is skaars: net een voorbeeld kan gevind word.

- iii. ut satis commode supportari posset,timere dicebant. (I.39)

Uit die aard van die saak, staan 'n vrees méer in verband met iets wat 'n mens nie wil hê moet gebeur nie.

Die gebruik van ne non i.p.v. ut is 'n sekondêre ontwikkeling.¹⁾

- iv. Veritus ne ...hostium impetum sustinere non posset
...litteras ad Caesarem remittit.(V47)

ne..non posset = ut posset. Gewoonlik word ne..non voorafgegaan deur 'n negatiewe hoofwerkwoord: die ontkenning hoort net by een woord.

Ne word so dikwels gebruik na verba timendi dat dit met verloop van tyd (in hierdie konstruksie) die betekenis aanneem van: (uit vrees) dat..nie/ om..nie, wat die bysin feitlik 'n doelsin maak.²⁾

- v. Veriti ne omnino spes fugae tolleretur..ultimas oppidi partes...petiverunt.(VII.28)

(Vresende (so)dat die hoop nieontneem word nie)

In die volgende sinne word die imperf.konj.gebruik as gevolg van (a) die perf.part.,(b) die historiese praesens, maar veral omdat hulle in wense staan wat uit die verlede na die toekoms verwys. (Vgl die hoofstuk oor die Prospektiewe Konjunktief.)

- vi. Veritus ne ab omnibus desereretur Indutiomarus legatos ad Caesarem mittit.(V3)
- vii. Qua re animadversa reliqui ne circumirentur veriti, se fugae mandant. (VII.67)
- viii. Ille veritus..ne civitas..deficeret..Plancum proficisci iubet.(V.25)

Dit is moeilik om te bepaal of die doelsin van timore perterriti of consilio destiterunt afhanklik is:

- ix. Quo timore perterriti ne ab equitatu Romanorum viae praeoccuparentur consilio destiterunt.(VII.26)

1. Handford,bls.89: This use of ne non is still rare in early Latin.

2. Handford,bls.89: In any case the subj. of wish,aswell as the jussive subj. must have contributed to the development of the final clause.

(c) Gevolgsinne.

Die konjunktief in gevolgsinne moes uit meer as een onafhanklike konjunktief-tipe ontstaan het, waaronder die jussief soos verwag kan word in sinne waarin die gevolg begeer of na gestreef word.

Die ontwikkeling uit parataxis kan gesien word in die volgende sinne:

- i. Magistratus..ut vitae necisque habeant potestatem deliguntur. (VI.23)

Habeant - laat hulle hê. Ut het die betekenis gekry van: op so 'n manier dat, uit die oorspronklike betekenis: hoe?

Gevolgsinne na verba efficiendi.

- ii. His rebus fiebat ut minus late vagarentur.(I.2)
 iii. Commeatus ab Remis..ut sine periculo ad eum portari posset efficiebat.(II.5)
 iv...factum esse uti ab Avernis Sequanisque Germani mercede arcesserentur.(I.31)
 v. Non sine causa fieri ut Gallia omni nobilitate spoliaretur.(V.6)

Na korrellatiewe in die hoofsin.

- vi. Et tum statu res erat ut longe principes haberentur Aedui, secundum locum dignitatis Remi obtinerent.(VI.12)
 vii. At ei qui in iugo constiterant..neque in eo quod probaverant consilio permanere, ut se loco superiore defendere rent.(VI.40)
 viii. Germani, qui eo consilio Rhenum transierant, ut Ambiorigis fines depopularentur ad castra Romanorum delati..Ambiorigi beneficium obtulerunt.(VI.42)

Na bywoorde.

- ix. Tantum potentia antecesserant ut magnam partem clientium ab Aeduis ad se traducerent,..(VI.12)
 x. Dies natales et mensum et annorum initia sic observant ut noctem dies subsequatur.(VI.18)
 xi. (Flumen Arar) in Rhodanum influit, incredibili lenitate, ita ut oculis in utram partem fluat iudicari non possit.(I.12)

- xii. Ita montibus...mare continebatur, uti ex locis superioribus in litus telum adigi posset.(IV.25)
- xiii. Quod non adeo sit imperitus rerum, ut suis copiis Populum Romanum superari posse confidat.(V.27)

Na byvoeglikenaamwoorde.

- xiv. Tanta tempestas subito coorta est, ut nulla earum cursum tenere posset.(IV.28)
- xv. Ac tantus fuit ...terror ut ea nocte..fidem non faceret adesse cum incolumi Caesarem exercitu.(VI.41)

Negatiewe gevolgsinne.(ut + 'n negatiewe woord.)

In ou-Latyn was die jussiewe oorsprong van gevolgsinne nog duidelik deur die gebruik van ne in negatiewe sinne.¹⁾ Toe die gedagte van strewe verdring is deur dié van volbrenging, d.w.s. toe die gevolgsin die werklike gevolg begin aandui, het die ne verdwyn en dit is vervang deur (ut) non en ander negatiewe woorde.

- i. ..neque suam pati dignitatem ut tantis copiis tam exiguam manum..adoriri non audeant.(VI.8)
- ii. Praesidi tantum est ut ne murus quidem cingi possit, neque quisquam egredi extra munitiones audeat.(VI.35)
- iii. Ac tanta fuit in castris capiendis celeritas, ut Teutomatus,,vix se ex manibus..militum eriperet.
(VII.46)
- iv. At tanta militum...fuit ut..non modo demigrandi causa de vallo decederet nemo sed paene ne respiceret quidem quisquam, ac tum omnes acerrime..pugnarent.
(V.43)

Die relatiewe vnw. in gevolgsinne.

non adeo inhumano ingenio sum, ut..nesciam.²⁾(Ter: Eun.880)

In hierdie sin het ut nog sy oorspronklike funksie as vraagwoord behou (ut? = quem ad modum?). Hierdie gevolgsin het ontwikkel uit die afkeurende vraag: Sal ek dan nie weet nie? Hoe sal ek dan nie weet nie?

Daar is enkele voorbeelde ook in Caesar waar ut as 'n vraagwoord gebruik word:

1. Handford, bls. 51
2. Handford, bls. 78.

- i. Ut omni tempore totius Galliae principatum Aedui tenuissent, prius etiam quam nostram amicitiam appetissent. (I.43)
- ii. Postquam...elatum est qua arrogantia..Ariovistus.. Romanis interdixisset..eaque res colloquium ut diremisset, ...studium pugnandi maius..iniectum est. (I.46)

Toe die gebruik van qui algemeen geraak het as 'n onderskikkende voegwoord in relatiewe bysinne, is dit, deur analogie van die afkeurende vraag, met die konjunktief gebruik in generaliserende sinne soos: 1)

- iii. Elati spe celeris victoriae..nihil adeo arduum sibi esse existimaverunt quod non virtute consequi possent. (VII.47)
- Die tipe is sekondêr - hulle kan nie teruggespoor word na 'n oorspronklike parataktiese vorm nie.

Die relatiewe vnw. verwys na 'n bepaalde antesedent.

- iv. Pugnatum ab hostibus ita acriter est ut a viris fortibus in extrema spe salutis..contra eos qui ex vallo..tela iacerent pugnari debuit. (II.33)
- v. Neque is sum..qui..mortis periculo terrear. (V.30)
- vi. Tabulae repertae sunt..quibus in tabulis nominatim ratio confecta erat, qui numerus domo exisset eorum qui arma ferre possent. (I.29)
- vii. Neque quisquam est..qui..dicat. (VI.25)

Die antesedent kan 'n snw. wees: die rel.vnw. is nie altyd Nom. nie.

- viii. Ubii..intellexit..diem instare, quo die frumentum militibus metiri oporteret.. (I.16)
- ix. Erant omnino itinera duo, quibus itineribus domo exire possent. (I.6)
- x. Multaque in ea genera ferarum nasci constat quae reliquis in locis visa non sint. (VI.25)

(quae..visa non sunt, sou beteken: wat in werklikheid nie gesien is nie. Die perf. konj. is hier consecutivum. maar die modale krag is al so verswak dat dit feitlik 'n werklike gevolg aandui.)

1. Gildersleeve & Lodge, bls.404: The notion is generally that of Character and Adaptation. (d.w.s. beskrywend of generies.)

Die rel. vnw. kan na 'n onbepaalde antesedent verwys,
gewoonlik negatief.

- i. neque hoc neque superiore anno ulla omnino navis,
quae milites portaret,..desideraretur(V.23)
- ii. Reliquum quidem in terris esse neminem quem
non sperare possint. (IV.7)
- iii. Cum a prima luce..pugnaretur, nihil quod ipsis esset
indignum committebant.(V.35)
- iv. Sed nulla copia, quae esset ad hunc usum idonea.(V.42)
- v. Neque enim naves erant aliae quibus reportari possent.
(IV.29)

Geen antesedent.

- vi. Unum iter per Sequanos..vix qua singuli carri
ducerentur.(L.6)

Qui na die komparatief met quam. (om 'n wanverhouding
aan te dui.

- vii. Qui se ultro morti offerant facilius reperiuntur
quam qui dolerem patienter ferant.(VII.77)

(a) qui..offerant..reperiuntur, het ontwikkel uit
sunt qui dicant, beskrywend.

Vgl. Sunt qui piscibus...vivere existimantur -(feit)

(b) qui..ferant, het ontwikkel uit die vrang-tipe
(deliberativus): hoe sal hulle...verduur?)

- viii. Non longius hostes aberant quam quo telum adigi
posset. (II.21)

(Die vyand was nie TE ver OM met 'n spies gegooi te
word nie.)

Wanverhouding kan ook sonder quam qui+konj, uit-
gedruk word.

Pro multitudine autem hominum..angustos se fines
habere arbitrabantur.(I.2)

Quam ut(i) kan in plaas van quam qui gebruik word.¹⁾

- ix. Milites non longiore oratione cohortatus quam uti

1. Gildersleeve & Lodge, bls.405 en 190: Quam qui is post-
Ciceronian.

suae pristinae virtutis memoriam retinerent. (II.21)

Negatiewe sinne: quin = qui non.

x. Nemo est tam fortis quin rei novitate perturbetur.
(VI.39)

(Niemand is so braaf nie. Wie sal dan nie..ontsteld raak nie?)

Dit blyk dus dat die konjunktief in gevolgsinne ook na die oorspronklike deliberativus teruggelei kan word, met ut, qui en quin as vraagwoorde.

2. Konjunktiewe wat ontstaan het uit die oorspronklike konjunktief in vrae (die deliberativus.)

(a) Gevolgsinne na verba impediendi en dubitandi.

Die voegwoord quin (qui + ne, non - hoekom..nie? hoe dan..nie?) is oorspronklik gebruik as 'n vraagwoord in werpende, afkeurende vrae. Vrae soos: Quid faciam? was algemeen van Plautus se tyd af, alhoewel die modale krag van dié vroeg al verlore gegaan het. So 'n vraag word gestel in antwoord op 'n bevel. Hieruit het die vraag ontstaan (wanneer die spreker sua sponte advies vra, as hy voor 'n keuse staan) waarin die deliberativus gebruik word. Die volgende stadium was die vraag wat eintlik 'n protes is teen 'n voorstel, na die vraagwoord quin? Sulke vrae het maklik ondergeskik geraak aan regerende werkwoorde, veral negatiewe uitdrukkings soos: Daar is geen twyfel, hindernis, moontlikheid ens.

Verba impediendi.

- i. (Dixerunt) Germanos neque priores populo Romano bellum inferre, neque tamen recusare, si lacesantur, quin armis contendant. (IV.7)
- ii. Non cunctandum existimavit quin pugna decertaret (III.23)
- iii. Germani retineri non poterant quin..tela coicerent. (I.47)
(Die Germane kon nie gekeer word nie: hoekom sou hulle dan nie hulle spiese gooi nie?)
- iv. Treveri..nullum tempus intermiserunt quin..legatos mitterent. (V.55)
- v. Neque ullum..tempus sine sollicitudine Caesaris intercessit, quin aliquem..nuntium acciperet. (V.53)
- vi. Neque ullum fere diem intermittebat quin equestri proelio periclitaretur. (VII.36)

In die eerste drie sinne staan quin gelyk aan ut non; in die volgende drie staan dit gelyk aan quo non.

In die o.s. sinne word quo minus i.p.v. quin gebruik omdat die regerende werkwoorde nie negatief is nie.

- vii. Vento tenebantur quo minus in eundem portum venire possent. (IV.22)
- viii. Legatum..misit..ut, si nostros loco depulsos vidisset, quo minus libere hostes insequerentur, terreret. (VII.49)

In die eerste sin word die werklike gevolg aangedui: in die tweede bestaan daar twee moontlikhede:

(a) Dit is óf 'n doelsin: hy moet hulle bang maak, sodat die vyand hulle nie so maklik kan agtervolg nie (quo + komparatief), of

(b) dit is 'n gevolgsin - 'n verwagte gevolg, in welke geval insequerentur 'n prospektiewe konjunktief is, (daar word na die toekoms verwys vanuit 'n tydstop in die verlede).

(b) Gevolgsinne na (negatiewe) verba dubitandi.

Die oorspronklike betekenis van quin?: hoe..dan nie? is baie duidelik na negatiewe verba dubitandi. Die konjunktief is dan ook 'n ontwikkeling van die deliberativus na uitdrukkings soos: non dubium est, non dubito, non multum abest, non recuso. Die quin-sinne staan dan gelyk aan vrae wat verwarring of verleentheid aandui. (Vgl. opmerking by voorbeeld (ii) hieronder.)

i. Neque dubitare (debeant) quin..una cum reliqua Gallia Aeduis libertatem sint erepturi. (I.17)

ii. Haec si enuntiata Ariovisto sint, non dubitare quin de omnibus obsidibus..gravissimum supplicium sumat. (I.31)

(Hy twyfel nie daaraan dat (Ariovistus) al die gyselaars sal doodmaak nie. Vgl.: Hy twyfel nie: hoe(kom) sal A. dan nie al die gyselaars doodmaak nie?)

- iii. Vehementer huic illos loco timere nec iam aliter sentire..quin paene circumvallati atque omni exitu..interclusi viderentur.(VII.44)

Hierdie soort sinne volg dieselfde reëls i.v.m. consecutio temporum as die afhanklike vraag en die voordeel hiervan is dat die perifrastiese futurum konjunktief gebruik kan word. Die fut. part.+ essem kom nie voor nie.

Baie na verwant aan hierdie soort sinne, is die waarin abesse met 'n voorafgaande negatiewe woord, gevolg word deur quin met die konjunktief. (Quin = ut non.)

- iv. (Docet) neque longius abesse quin proxima nocte Sabinus clam ex castris exercitum educat.(III.18)
- v. Naves..invenit refectas neque multum abesse quin paucis diebus deduci possint.(V.2)

3. Konjunktiewe as uiting van moontlikheid.(Uit die oorspronklike potentialis)(a) Voorwaardelike sinne.

Die indeling van die verskillende soorte voorwaardelike sinne is bra moeilik, omdat die logiese verhouding tussen hoof- en bysinne so uiteenlopend en soms duister is. Draeger verkies die indeling „nach welcher der Bedingungsatz entweder in Indicatio eines beliebigen Tempus oder im Coniunctio eines Haupttempus oder in Coniunctio eines Nebentempus steht.“ 1)

Ook in die gewone handboeke word die ooreenkoms van die modus tussen hoof- en bysin beklemtoon. Hulle word as gewoon beskou en slegs enkele „uitsondereinge“ word erken. Maar die beeld wat ons dan kry van hierdie sinsoort is „a somewhat distorted picture of the actual facts of Latin usage, in which the combination of subj. protasis with indic. apodasis is very common and appears in many different types of sentence. Most of them were developed as a result of a speech-habit which appears in many languages...the combination of clauses in a complex sentence without regard to the establishment of a strictly logical relation between them.“ 2)

Dit skyn dan praktieser te wees om, so ver moontlik, die oorsprong van die verskillende soorte konjunktiewe in die protasis na te gaan, as om die verband tussen die modi van die hoof- en bysinne te bespreek en hulle op dié grondslag te wil indeel. 3)

As daar 'n logiese verband tussen hoof- en bysin is, moet daar op die volgende i.v.m. 'n konjunktief in die hoofsin gelet word:

1. Draeger II, bls. 700: „...uber die Classification dieser Sätze herrscht keine Einigkeit.“

2. Handford, bls. 127.

3. Handford, bls. 115: „...or by observing the nature of the modal force subsisting in the subj. in various types of protasis.“

- (a) " a verb in the apodosis having the should/would sense is always subjunctive." 1.
- (b) " SUCH A SENSE inevitably demands to be qualified." 2.

D.w.s. die omstandighede (voorwaarde) waaronder 'n sou/wou/mag/kan - hoofwerkwoord gebeur of waar is, moet aangedui word, anders verloor so 'n konjunktief sy effektiewe betekenis.

Die verskillende soorte protases.

Si met die deliberativus.

Party si-sinne het ontstaan uit die gebruik van die konjunktief in vrae wat advies vra. Die antwoord is gewoonlik 'n bevel. Uit die aard van die saak, sal sulke vrae dan ook verwardheid of ontsteltenis aandui.

- i. Si quid vellent, ad Id. April. reverterentur (I:7)
(Wat sou hulle wil hê? Laat hulle..terugkeer!)
 - ii. Scribit Labieno, si rei publicae commodo facere posset...ad fines veniat. (V.46)
 - iii. Si ab armis discedere velint..legatos ad Caesarem mittant. (V.41)
 - iv. Mandat..Germanos..si per vim flumen transire conentur, prohibeat. (III.11)
- L.W. (a) Die antwoorde op die vrae kom in elke geval ná die vraag.
- (b) In voorbeeld (ii) staan posset in die imperf.konj. nie soseer omdat scribit 'n historiese praesens is nie (want veniatis tog ook van scribit afhanklik) - maar omdat daar onderskei moet word tussen die tye van posset en veniat, (die twee handeling is nie gelyktydig nie).
- (c) In al die voorbeelde word verskillende soorte konjunktiewe gebruik in hoof- en bysinne: die feit dat dieselfde tye gebruik word (behalwe in ii) is, tot 'n mate van minder belang want die tye

word grotendeels deur die hoofwerkwoord bepaal,
(maar ook deur die vereistes van die betekenis
van die sin).

Die volgende sin is interessant weens die ooreen-
koms met die Afrikaanse idioom:

- v. In Lingones contendit..ut, si quid..de sua salute
ab Aeduis iniretur consili, celeritate prae-
curreret.(VII.9)

Hy haas hom ...sodat, word enige komplot gesmee...
hy dit met sy spoed sou voorkom.

Word 'n komplot gesmee is beide 'n vraag en 'n
voorwaarde: sou hy dit voorkom is potentialis in Afrikaans
sowel as in Latyn. Die parataktiese vorm moes dan gewees het:

Word 'n komplot gesmee? (Dan) sou ok....

In die volgende voorbeeld staan daar 'n indik.
in die hoofsin: daar is nie 'n streng logiese verband tussen
hoof- en bysinne nie want die handeling van die hoofsin
gaan voort tenspyte van die moontlikheid wat die voorwaarde
inhou. 'n Verbum temptandi word veronderstel en si het
amper die betekenis van num (wat gewoonlik in vroe gebruik
word).

- vi. Basilum..praemiuntit ,si quid celeritate itineris
..proficere posset.(VI.29)
- vii. Circumfunduntur ex reliquis hostes partibus
si quem reperire possent (VI.37)

In hierdie sin is daar 'n verbum temptandi:

- viii. Helvetii..saepius noctu, si perumpere possent
conati...repulsi..hoc conatu destiterunt.(I.8)

'n Soortgelyke sin sonder si.

- ix. Quid ab his praecipitur,expecant. (VI.39)

Si met die optativus.

Sommige si-sinne moes uit wense ontstaan het,
veral dié wat deur si modo (of si=si modo) ingelei word.

- i. (Dicunt) facilem esse rem seu maneant, seu proficiscantur..si modo unum omnes sentiant.(V.31).

(Si modo..sentiant: As hulle tog maar net....)

- ii. Magno sibi usui fore arbitratur, si modo insulam adisset.(IV.20)
- iii. Romani, si rem obtinuerint, finem laborum expectant.
(VII.85)
- (Si=si modo)

Si het ook mettertyd die betekenis gekry van: met die hoop dat.

- iv. Ipsi..copias cogere..cooperunt, si ab re frumentaria Romanos excluderepossent.(VII.55)
- v. Ibi vadis repertis, partem suarum copiarum traducere conati sunt, eo consilio ut, si possent, castellum..oppugnarent.(II.9)

'n Verdere ontwikkeling hiervan, is die gebruik van si in gevalle waar die gebeurtenis nie begeer word nie. Si kry dan die betekenis van: ingeval, veral na die werkwoord expectare.

- vi. Hanc (paludem) si nostri transirent hostes expectabant; nostri autem, si ab illis initium transeundi fieret..parati in armis erant (II.9)

Die eerste si beteken ingeval, met die hoop dat..
nie: die tweede si beteken met die hoop dat.

- vii. Sic animo parati ut, si eam paludem Romani perrumpere conarentur,haesitantes premerent.(VII.19)

Si kan hier ook ingeval beteken, maar slegs as die vyand die Romeine se aanval vrees(seos Caesar die saak sou beskou het)¹⁾. Conarentur is optatief ; premerent is potentialis.

- viii. Sextium misit..ut, si nostros loco depulsos vidisset,...hostes..teneret.(VII.49)

Vidisset...teneret dui aan dat die handeling nie gelyktydig was nie. Vgl ook die volgende sin:

- ix. Caesar maturandum sibi existimavit, ne, si nova manus..cum copiis Ariovisti coniunxisset, minus

1. Hierdie verklaring van die betekenis van weë die verband is interessant, maar nie altyd onfeilbaar nie.

facile resisti posset.(I.37)

- x. Eis auxilium suum pollicitus, si ab Suebis premerentur, haec ab eis cognovit.(IV.9)

Daar is geen logiese verband tussen hoof- en bysin-
nie.

In al hierdie voorbeelde dien daarop gelet te word dat die konjunktiewe na si (= met die hoop dat, ingeval) na die toekomstige tyd verwys, afgesien van watter tempus-vorm gebruik is.

Si met die iussivus.

Aangesien die meeste soorte ondergeskikte konjunktiewe uit die jussief ontstaan het,¹⁾ is dit nie onwaarskynlik nie dat lg. ook bygedra het tot die ontwikkeling van die konjunktief in si-sinne. Van die vroegste tye af kom óf 'n imperatief, wat dien as 'n protasis, óf 'n konjunktief, met die betekenis van 'n bevel, gereeld voor. In Afrikaans is dit nie 'n vreemde verskynsel nie:

Doen dit net (= as jy dit sou doen), dan sal ek jou wys!

Laat hom dit net doen (= as hy dit sou doen), dan sal ek hom wys!

In die o.s. sinne het si die betekenis van:

veronderstel dat....

- i. Si tempus anni ad bellum gerendum deficeret, tamen magno sibi usui fore arbitrabatur.(IV.20)
- ii. Cottae quidem..consilium..in quo si praesens periculum non(timendum esset); at certe..fames esset timenda? (V.29)
- iii. Caesar..fore videbat ut, si essent hostes pulsi, celeritate periculum effugerent, tamen..legiones pro castris constituit.(IV.35)
- iv. Haec fuit oratio: Germanos neque..bellum inferre, neque tamen recusare, si lacessantur.(IV.7)

In b.s. staan die voorwaardelike sinne feitlik gelyk aan concessiva: tamen maak elke keer 'n teenstelling.

1.Handford, bls.117.

In die volgende veronderstellings staan daar 'n potentialis in die hoofsin: die konjunktief na si het uit die jussief ontstaan, (si = veronderstel dat):

v. Qui, si per te liceat,....communem cum reliquis belli casum sustineant. (V.30)

vi. Quod nisi crebris subsidiis..milites essent defessi, omnes hostium copiae deleri potuissent.(VII.88)

Die algemene reël i.v.m. voorwaardelike sinne (irrealis) nl. dat die plusquamperf.konj. noodwendig na die verlede moet verwys, geld nie altyd nie, soos blyk uit die volgende:

vii. Ariovistus respondit: si quid a Caesare opus esset, ad eum venturum fuisse.(I.34)

(O.R.): Si quid mihi a Caesare opus esset, ego ad illum venissem.

Vgl.: venissem - ek sou gekom het (maarek het nie).

(respondit) sese venturum fuisse - (hy het geantwoord dat) hy sou gekom het. Hier is geen aanduiding dat dit onmoontlik was om te kom nie. (Sou is die verlede tyd van sal, maar dit kan ook 'n veronderstelling aandui.)

Die verduideliking van hierdie dubbelsinnigheid is soos volg:

O.R. (a) Si opus erit, veniam. (Fut. simplex).

(b) Si opus sit, veniam. (Praes.konj.).

(c) Si opus esset, venirem.

Die drie sinne het een vorm in die O.O. na 'n historiese hoofwerkwoord:

(Respondit) si opus esset, se venturum esse (fuisse).¹⁾

Vgl. die volgende sin met die vorige:

viii. Si nihil esset durius, nullo cum periculo ad proximam legionem perventuros (___?). (V.29)

O.R. Si nihil erit durius,.....pervenietis.

1. Gildersleeve & Lodge, bls.418: The periphrastic perf. infin. is employed in the unreal, wherever possible.

As fuisse na perventuros in b.s. sin gestaan het, sou pervenietis pervenissetis gewees het. In die O.O. word die verskil tussen si opus erit,...sit,...esset uitgewis na 'n historiese hoofwerkwoord.

Om die redes hierbo, is dit moeilik om te bepaal wat die fut. infin. in die O.R. sou gewees het in die o.s.:

ix. Neque aliter Carnutes interficiendi Tasgeti consilium fuisse capturos neque Eburones, si ille adesset, tanta contemptione nostri ad castra venturos esse.
(V.29)

Si...adesset sou in elk geval konjunktief gewees het, want Caesar was NIE daar nie: (Veronderstel dat Caesar teenwoordig is (sou wees) - maar hy is nie).

Si...adesset behoort aan die tipe Si opus esset, venirem (vgl. (c) hierbo), maar dan moes die infinitiewe gewees het: capturos esse en venturos esse of capturos fuisse en venturos fuisse. (cf. Gildersleeve & Lodge se aanmerking hierbo, bls 44)

Omdat Caesar onderskei het tussen die tye van die twee infinitiewe, sal hulle in die O.R. dus cepissent en venirent onderskeidelik wees.

Die tye van die konjunktiewe in hoof- en bysinne.

Soos reeds opgemerk hierbo, is daar 'n eienaardige ooreenkoms tussen venturum fuisse en venissem in die o.s. sinne:

O.O. Si quid ...opus esst, sese...venturum fuisse.

O.R. Si quid....opus esset, ..venissem.

In albei gevalle word daar na die toekomstige tyd verwys. Die plusquamperf.konj. wat gewoonweg verwys na 'n handeling in die verlede, word hier gebruik om ook na 'n handeling te verwys wat, gesien deur die spreker op 'n tydstop in die

verlede, sou(kon)plaasgevind het, maar wat tot nog toe nie plaasgevind het nie. M.a.w. dié tempusvorm het nie hier eintlik temporale krag nie - dit word in elk geval nie op die gewone manier gebruik nie. Dit dui slegs 'n nie-werklikheid aan, en nie verlede tyd nie. Al temporale krag wat venissem het, is bloot relatief - die handeling venissem moes voor die van eset plaasgevind het.

Die gebruik van eset in b.s. sin is ook interessant. Oorspronklik is die imperf. konj. gebruik om 'n irrealis in die verlede tyd aan te dui.¹⁾ Later is dit gebruik om na die hede te verwys. In hierdie geval is dit moeilik om presies vas te stel of die bysin beteken:

(a) as daar sou wees (in die hede, of selfs in die toekoms)

(b) as daar (ooit) ..was.

In beide gevalle pas die hoofsin: sou ek gekom het. Handford sê in dié verband: „Caesar has no certain examples of the past reference of the imperf. subj.“²⁾ M.a.w. die imperf. konj. verwys dan na die hede, behalwe in die O.O.:

x. Si quid ille se velit, illum ad se venire oportere.
(I, 34)
O.R. Si quid me vult...

Hierdie verskynsel word later bespreek. (cf. Voorwaardelike sinne in die O.O.)

In 'n sin soos:

xi. Si ita fecissent, fines eorum se violaturum negavit.
(VI, 32)

(violaturum fuisse = plusquamperf. konj. in O.R.)

is die handelinge van hoof- en bysinne gelyktydig.

„This is the only subord. use of the plup. subj.

in which it does not normally refer to a time anterior to that of another past tense.“³⁾

1. Handford, bls. 123.

2. Handford, bls. 124.

3. Handford, bls. 123 (nota)

Waar die praes.konj. in si-sinne gebruik word, word daar gewoonlik na die toekomende tyd verwys: die apodosis is óf in die infinitief, (O.O.) of anders is die si-sin verbonde aan die een of ander konstruksie:

xii. Negat se...posse iter ulli per provinciam dare et, si vim facere conentur, prohibitorium ostendit. (I.8)

xiii. Legationem...mittunt: si velit suos recipere, obsides sibi remittat. (III.8) (Si-sin en afhanklike bevel)

Konjunktief in die bysin en die indiktief in die hoofsin.

Voorbeelde hiervan is alreeds genoem i.v.m. si met die optatief. (bls 41. hierbo). In sulke gevalle druk die si-sin 'n wens uit wat tot 'n mate onafhanklik is van die hoofsin, „and the form of both clauses is determined rather by their own individual content of meaning than by the logical relation which we ordinarily expect to find existing between the members of a conditional sentence.“¹⁾

In die volgende sin is die hoofsin logies onafhanklik van die bysin:

xiv. Unam spem salutis docent, si eruptione facta extremum auxilium experientur (III.5)

In sulke sinne gaan die hoofsin gewoonlik die bysin vooraf. (Hulle wys op die enigste hoop op veiligheid -- as hulle dié laaste toevlug sou probeer)²⁾

As die handeling wat in die bysin beskryf word 'n voorgenome of dreigende handeling verhinder, of een stuit wat alreeds aan die gang is, kry ons 'n soortgelyke verskynsel:

xv. Pro vita hominis nisi hominis vita reddatur, non posse deorum ~~immortalium~~ numen placari arbitrantur. (VI.16)

(As daar nie mense is om te offer te word nie, kan die gode

1. Vgl. Handford, bls. 127-8.

2. Gildersleeve & Lodge, bls. 168: The Ind. is sometimes used ...in the apodosis, thereby implying the certainty of the result.

nie bevredig word nie.

xvi. Iure iurando ne quis enuntiaret, nisi quibus communi consilio mandatum esset, inter se sanxerunt. (I.30)

(Die handeling in die bysin is nie voorgenome of dreigend nie, maar is wel moontlik.)

As daar 'n gerundivum in die apodosis voorkom, word die konjunktief deur die indikatief vervang.

xvii. Si negotium confici. .vellet, dimittendae plures manus. .erant.

Hierdie verskynsel is verwant aan die gebruik van die indikatief van die s.g. „modale“ werkwoorde (possum, debeo, oportet) in die apodosis. Die enigste voorbeeld van hierdie tipe wat opgespoor kon word, is

xviii. Damnatum poenam sequi oportebat ut igni cremaretur. (I.4)

Damnatum staan hier gelyk aan 'n voorwaardelike sin. (Vgl. ..si volucres habuissem regna iubentes in populo potui maximus esse meo.¹⁾

Die konjunktief sou natuurliker gewees het in hierdie sin, maar „The Latin language expresses possibility and power, obligation and necessity..as facts; whereas, our translation often implies the failure to realise“²⁾

'n Soortgelyke verskynsel, waarin die inherente konj.-waarde van sulke werkwoorde duidelik te bespeur is, kom voor in sinne soos

ad mortem te duci oportebat, (maar jy is nie).³⁾

Volgens Palmer word die konjunktief verkies in die prosa van die klassieke-tydperk.⁴⁾

1. Ovidius, Fasti V.461/2.
2. Gildersleeve & Lodge, bls 167 en Palmer, bls. 316.
3. Cicero, Cat. I.1.2.
4. The Latin Language, bls. 316.

(b) Voorwaardelike sinne van vergelyking.

Die voegwoorde is die wat met si saamgestel word. Daar is nie 'n groot verskeidenheid by Caesar nie.

Quasi vero.

- i. Quasi vero, inquit ille, consili sit res ac non
necesse sit nobis Gergoviam contendere. (VII.38)

Wat hier noemenswaardig is, is die ooreenkoms met die vrae wat 'n moontlikheid verwerp asof dit onsinnig is. In sulke vrae word die praes. en perf.konj. byna altyd gebruik.¹⁾ Hier kan ook gemerk word hoe die gebruik van die praes.konj. verskil van die gebruik van die praes, konj. in die irrealis voorwaardelike sin.

„Asof dit 'n saak vir bepeinsing sou wees (is)...“ verwys na die teenwoordige tyd, en alhoewel ons hier te doen het met 'n veronderstelling (wat verwerp word), in die hede, word die gebruikelike imperf.konj. nie gebruik nie. „When a comparative clause having 'unreal' force is combined with a governing clause referring to the present or future, the unreality is by no means always marked by the use of the tenses which are ordinarily associated with unreality - the imperf. and pluperf.; instead, the subord. verb often remains 'in sequence'.²⁾

Velut si.

Velut si is vir die eerste keer deur Caesar gebruik.³⁾

- ii. Respondit: hoc esse..fortunam..quod..absentis Ariovisti crudelitatem, velut si coram adesset,horrent.
(I.32)

Dit is die enigste voorbeeld wat gekry kon word. Dit is moontlik dat die konjunktief in die O.R. ook gebruik sou geword het. „Classical Latin oscillates between the well established usage of early Latin - which in effect means keeping the tense of the subord. verb 'in sequence'- and the

1.Vgl. Die relatiewe vnw.in gevolgsinne, hierbo.

2.Handford,bls.134, en Gildersleeve & Lodge,bls.389: The tenses follow the rule of sequence, rather than the ordinary use of the conditional.

3.Gildersleeve & Lodge, bls 390.

natural tendency to employ the imperf. or pluperf. subj. whenever a clause has unreal force irrespective of the tense of the governing verb." 1)

Ut (si)

In die volgende sinne word die si-sinne deur Abl.Abs. uitgedruk.

- iii. Qua re concessa laeti, ut explorata victoria ...ad castra pergunt. (III.18)
- iv. Hostes, ...sicuti parata iam atque explorata victoria ... vallum ascendere coeperunt. (V.43)

Sic uti of sicuti?

- v. repente ex omnibus partibus...advolaverunt, sic uti (?sicuti) ab signis ... non absisterent. (V.17)

Hier is twee moontlikhede:

Hulle het skielik van alle kante op (die hout-hakers) toegesak (a) op so 'n manier dat hulle(selfs) nie van die linie af weggebly het nie. ('n Gevolgsin.)

of (b) asof hulle (selfs) nie van die linie af wou wegbly nie.

D E E L D R I E .

B. Konjunktiewe met verswakte betekenis.

1. Gevolgsinne (werklike gevolg)

Die beginsel van 'n konvensionele consecutio temporum, wat van vroeg af byna outomaties geword het, het ontstaan deur die herhaalde reprodusering van die onafhanklike konjunktief-tipes in die praes.konj., in bysinne na hoofwerkwoorde wat na die hede of die toekomstige tyd verwys, en hul vervanging deur die imperf.konj. na regerende werkwoorde wat na die verlede verwys. Hierdie gewoonte het so diep wortel geskiet dat dit selfs soms die gebruik van tempus-vorme wat die betekenis natuurliker kan weergee, verhinder het. „This conflict between the sequence-habit and the accuracy and flexibility of expression is a direct result of the weakening and change of the modal force of the subjunctive in many kinds of subordin. clause!“¹⁾

Na mate die konjunktief die indikatief verdring het, hoe makliker het dit geword, veral in sinne wat logies meer onafhanklik staan van die hoofsin, om dié gewoonte te veronagsaam. Dit geld veral vir die meeste soorte gevolgsinne. Party van hulle is alreeds bespreek, en alhoewel daar nie altyd met sekerheid onderskei kan word tussen die konjunktief met modale krag en die sonder modale krag nie, gaan hier nou veral dié tipes gevolgsinne bespreek word waar die logiese onafhanklikheid baie duidelik is en waarin die reëls i.v.m. consecutio temporum dikwels veronagsaam word terwille van die betekenis. Hier kry ons dan ook die tipe wat werklike gevolg aandui.

Iets wat dadelik opvallend is, is die feit dat die perf.konj. gebruik word na 'n historiese hoofwerkwoord.

1. Handford, bls. 140.

- i. Temporis tanta fuit exiguitas hostiumque tam paratus
...animus ut ad galeas induendas..tempus defuerit.(II.21)
- ii. Nam singulas nostri..expugnaverunt, ut perpaucae..
ad terram pervenerint. (III.15)
- iii. Tantum..valuit..ut..nulla fere civitas fuerit non
suspecta nobis.(V.54)
- iv. Equites..cum equitatu nostro..confluxerunt, tamen ut
nostri omnibus partibus superiores fuerint.(V.15)

Waar ita, tam, adeo weggelaat word, is die sinne logies meer onafhanklik: die perf.konj. het dan ook dieselfde betekenis as die perf.indikatief, en word gewoonlik gebruik as die gevolg natuurlik is en van korte duur.

Die imperf.konj. kan ook gebruik word om 'n werklike gevolg aan te dui:

- v. Ita perterritos egerunt ut non prius fuga destiterent
quam in conspectum agminis nostri venissent.(IV.12)

Hier sou 'n mens 'n perf.konj. verwag het i.p.v. destiterent, maar miskien word die keuse van die tempus-vorm beïnvloed deur ita, wat die logiese verband tussen hoof- en bysin versterk en ook omdat daar 'n nouer verwantskap is tussen die imperf. en plusquamperf. konj. is as tussen lg. en die perf.konj.

Die tipe: accidit ut + konj., het ontstaan uit die ut-sin wat 'n begeerde gevolg of uitwerking uitgedruk het. Dié konstruksie volg dus die gewone reëls i.v.m. consecutio temporum.

- vi. fere plerisque accidit ut praesidio litterarum
diligentiam in perdiscendo ac memoriam remittant(VI.14)
- vii. Relinquebatur ut neque longius ab agmine legionum
discedi Caesar pateretur.(V.19)
- viii. Ac sic accidit uti ex tanto numero navium..neque hoc
neque superiore anno ulla omnino navis , quae milites
portaret , desideraretur. (V.23)

Quae..portaret...is eintlik 'n byvoeglike bysin, met
konsekutiewe krag.(cf. Qui beskrywend, hierbo.) Daar is geen

aanduiding van 'n begeerde of 'n werklike gevolg nie. Die konjunktief het sy modale krag verloor en die bysin staan feitlik gelyk aan:(geen skip) wat soldate vervoer....

Accedit (wat vir die passief van addo gebruik word) gevolg deur ut met die konjunktief dui 'n feit aan in die volgende sin:

ix. Accedebat huc ut numquam conferti sed rari....
proeliarentur.(V.16)

(huc=huic)

Fiebat ut en factum est ut dui al klaar voldonge feite aan :

- x. His rebus fiebat..ut minus late vagarentur.(I.2)
- xi. Celeriter factum est ut alii eruptionibus resisterent. (VII.24)
-

2. Die Prospektiewe Konjunktief.

Dié benaming is eerste deur prof. Sonnenschein gebruik in sy New Latin Grammar (1912). Dit is 'n konjunktief wat bloot die begrip van toekomstigheid aandui: so 'n konjunktief beskou^{in handeling} as iets in die vooruitsig en word gebruik na voegwoorde soos prius quam, dum en quoad. (Caesar gebruik nie donec nie.)

Die Praesens Konjunktief.

Die konjunktiewe in die volgende sinne is die gevolg van óf attraksie, óf die feit dat die sin in die O.O. staan:

- i. Constituunt ut...omnia prius experiantur quam ad Critognati sententiam descendant. (VII.78)
- ii. Velintne, prius quam finitimi sentiant, milites ..ad Labienum deducere. (V.27)

„The attraction takes place mostly in clauses referring to the future, and depending...on a subjunctive..That these subjunctives result from attraction is suggested by the fact that the indicative (nearly always pres.tense, when the immediate future is referred to) is often used in exactly similar clauses.“¹⁾

Die Imperf. Konjunktief.

- iii. Magno accidit casu, ut in ipsum incautum etiam.. incideret priusque eius adventus ab hominibus videretur, quam fama..adferretur. (VI.30)
- iv. Dum reliquae naves eo convenirent .. in ancoris expectavit. (IV.23)
- v. Caesar non expectandum sibi statuit dum omnibus fortunis sociorum consumptis..Helvetii pervenirent. (I.11)
- vi. Expectare..dum hostium copiae augerentur...summae dementiae esse iudicabat. (IV.13)

Wat hier as vreemd voorkom, is die gebruik van die imperf.konj. om toekomstigheid aan te dui. Prof. Sonnenschein verklaar dié verskynsel soos volg: „The past subj. (hy verkies dié benaming bo imperf.konj.) refers to the future from a

1. Handford, bls. 161.

past point of view: they are past prospectives, expressing the idea of what was to be, had to be, was likely to be etc. Their essential characteristic is that they stand in past time but look forward from the past to the thenfuture: they might therefore be called 'futures in the past'.¹⁾

Die imperf.konj. in die verlede tyd staan gelyk aan die praes.konj. in die teenwoordige tyd. Die handeling word voorgestel as bloot denkbeeldig en nie as iets volbrag nie. Op 'n tydstip in die verlede word die handeling as 'n moontlikheid, 'n gedagte, in die vooruitsig gestel.

vii. Ad reliquas legiones mittit priusque omnes in unum locum cogit quam de eius adventu Avernis nuntiari posset. (VI.9)

Die konjunktief kan hier slegs die gedagte (om sy legioene bymekaar te bring) by Caesar bestaan het. 'n Doel wat die handelende persoon in die vooruitsig stel, is 'n gedagte wat by hom opkom, wat dus 'n afhanklike gedagte is. „Caesar sometimes uses prius..quam with the subj. even when it is impossible to detect an idea of purpose.“²⁾

In baie gevalle is die gebruik van die konjunktief te wyte aan die feit dat(in sinne in die verlede tyd) attraksie soms noodsaaklik is en dat die imperf.konj. gebruik moet word om toekomstigheid aan te dui vanuit 'n tydstip in die verlede gesien. Die gebruik van die indikatief kan miskien 'n verkeerde betekenis aan die sin gee.

Die konjunktief word gereeld gebruik wanneer 'n poging aangewend word om óf 'n handeling, óf die gevolge daarvan, te voorkom. Soms is daar geen aanduiding of die verwagte gebeurtenis plaasgevind het of nie.

viii. Itaque prius quam quicquam conaretur, Diviciacum ad se vocari iubet. (I.19)

(Beide tyd en doel word aangedui.)

1. Class. Review, 1918, bls 20: The Prospective in Subjunctive Clauses.

2. T. Rice Holmes, Caesar's Gallic Wars VII, bls. 60

- ix. Caesar maturandum sibi censuit, ut priusquam essent maiores eo coactae copiae, dimicaret. (VII.56)

Die konjunktief word ook gebruik om moontlike gevolge wat werklik voorkom is, aan te dui: soms sou die indikatief nie onvanpas gewees het nie.

- x. Conantibus, prius quam id effici posset, adesse Romanos nuntiatur. (VI.4)
- xi. Nec prius sunt visi, obiectis ab ea parte silvis, quam castris appropinquarent. (VI.37)
- Na 'n negatiewe hoofwerkwoord, is die gebruik van die konjunktief seldsaam.¹⁾
- xii. Prius quam illi..profugere possent..in deditionem venire coegit. (VI.3)
- xiii. Caesar, prius quam hostes ex terrore..reciperent ..exercitum duxit. (II.12)
- xiv. Vercingetorix, prius quam munitiones ab Romanis perficiantur consilium capit omnem..equitatum..demittere. (VII.71)

Die praes. indik. sou ook na die onmiddellike toekoms verwys het, maar die konjunktief gee miskien 'n beter idee van moontlikheid of waarskynlikheid. Dit is moeilik om te bepaal of die sin beteken:

...voordat die Romeine die verskansings kon klaarkry.

of, ...voordat die Romeine die verskansings sou klaarkry.

Omdat posse alreeds die gedagte van 'n moontlikheid inhou, is die gebruik daarvan in hierdie tipe sin moeilik te verklaar:

Vgl.:..priusquam id effici posset. (Voordat dit verrig sou kon word.)

..priusquam id efficeretur. (Voordat dit verrig kon/sou word.)

Die verskil is gering. SOU het die bybetekenis van KON as 'n handeling f gebeurtenis nie onmoontlik is nie.

1. Vgl. Gildersleeve & Lodge, bls. 370.

Die Perf. Konjunktief.

Die konjunktief het dikwels (in klassieke Latyn) slegs temporale krag.¹⁾ In die o.s. sin staan die perf.konj. gelyk aan 'n perf. indik. wat betekenis betref.

xv. Non prius duces ex concilio dimittunt quam ab iis sit concessum uti arma capiant. (III.18)

Die gebruik van die perf. konj. in hierdie tipe sin is seldsaam: selfs die gebruik van 'n konjunktief is hier vreemd, aangesien 'n sin wat afwagting aandui, nie op 'n negatiewe hoofsin kan volg nie. Sit concessum is konj. deur attraksie, onder invloed van 'n ander konjunktief- capiant.

Die Plusquamperf. Konjunktief.

xvi. Interim ad praefectos..mittit qui nuntiaret..si ipsi lacesserentur, subsisterent quoad ipse cum exercitu propius accessisset. (IV.11)

xvii. Ipse interea, quoad legiones collocatas..cognovisset, in Gallia morari constituit. (V.24)

xviii. De obsessione non prius agendum constituit quam rem frumentariam expedisset. (VII.36)

In elk van diésinne sou die plusquamperf.konj. 'n futurum exactum (futurum in praeterito) gewees het in die O.R.

Die prospektiewe konjunktief word nie beperk tot tydsinne nie.

xix. (Ambiorix dixit) omnibus hibernis Caesaris oppugnandis hunc esse dictum diem, ne qua legio alterae legioni subsidio venire posset. (V.27)

Ambiorix het die saak gesien as 'n doel wat in die toekoms verwesenlik sou word.

Die prospektiewe konjunktief is 'n potentialis in dié sin, dat dit gebruik kan word om aan te dui dat iets gaan gebeur, of dat dit moontlik gaan gebeur, of dat dit voorkom kan/gaan word.

3. Bysinne wat begeleidende omstandighede aandui.

Cum-verhalend. (Cum=toe)

Wanneer beteken TOE nie TOE nie? 'n Mens voel ge-
noodsaak om te herhaal: „Simplification is not simplicity,” as
die o.s. in die gewone skool-grammatikas teëgekom word:

(a) Wanneer CUM „toe” beteken, d.w.s. wanneer dit TYD
aandui en op die VERLEDE slaan, word dit deur die konjunktief
gevolg... Dié konstruksie is dus dieselfde as by cum causale.¹⁾

(b) Cum (=when) in Primary tenses takes Indicative.

in Historic tenses takes Subjunctive.²⁾

(c) Cum, referring to a Present or Future action, is
used with the Indicative. Cum, referring to a Past action, is
used with the Imperfect or Pluperfect Subjunctive. (Cum inversum
en cum iterativum word as uitsonderinge beskou.)³⁾

Wat hier dan ongerymd is, is die feit dat dieselfde
cum soms met die indikatief, soms met die konjunktief gebruik
word. Van vroeg af is die indikatief na cum temporale gebruik
en „ the Ind. construction persisted into classical times...
this including the loosely attached relative clauses known
as cum inversum....”⁴⁾

Uit die massa voorbeelde waarin cum met die konjunktief
gebruik word (imperf. en plusquamperf.) en vertaal word
deur TOE, is dit duidelik dat CUM TEMPORALE 'n verkeerde
benaming is. Onder al die voorbeelde wat ondersoek is, is nie
'n enkele geval gevind waar daar deur so 'n bysin slegs tyd
aangedui word nie, m.a.w. waar slegs die tyd van die handeling
van die hoofsin bepaal word nie.

Wanneer die tyd, en niks anders nie, aangedui word,
word die indikatief gebruik.

(i. Cum Caesar in Galliam venit.... (VI.12)

1. E. I. Gonin, Lat. Gram. II (1945), bls. 175.

2. North & Hillard, Lat. Prose Composition (1950), bls. 144.

3. Mountford, The Revised Lat. Primer (Kennedy) (1951) bls. 185/6.

4. Palmer, The Latin Language, bls. 314.

- ii. Quo..observato, cum quaequam cohors ex orbe
excesserat, hostes..refugiebant.(V.35)
- iii. Vix agmen novissimum extra munitiones processerat,
cum Galli..committtere proelium non dubitant.(VI.8)

In sulke gevalle kan van cum temporale gepraat
word.

(Cum (=toe) met die konjunktief.

Palmer meen dat hier „as elsewhere, the subjunctive
of subordination (is) gradually encroaching on the Ind. of
fact and even in classical times the usage fluctuates.“¹ Met
die hulp van o.s. voorbeelde, wat andersins moeilik te ver-
klaar is, gaan gewaag word om prof. Hale se standpunt i.s. die
oorsprong van hierdie gebruik van cum, te onderskryf.²⁾

- i. Ac fuit antea tempus, cum Germanos Galli superarent.
(VI.24)

Cum (quom,quum) was oorspronklik die akk.enk.manl.
van die onbepaalde relatief qui-, quo-, (I.E. qui-,quei-) en
is dus 'n relatiewe voegwoord.

B.s. sin is 'n ontwikkeling uit die tipe:

is est qui + konj.

wat die kenmerke van 'n persoon (of 'n handeling) beskryf -
die s.g. qui-generies.

Vgl. Is est qui id facit.

Is est qui id faciat. (Hy is die soort man wat dit
(bepaald) sou doen.)

Uit Is est qui is die volgende moontlik:

Id est tempus quod, > eo tempore (est) quo, > eo tempore cum.

m.a.w. op die tydstep toe > op 'n tydstep toe.

dus, tempus fuit quo + indik. > tempus fuit cum+konj.

B.s. sin beteken dan: En daar was vroeër 'n tyd (van so 'n
aard,met die gevolg) dat die Galliërs ...= En daar was 'n tyd
toe..(of, waarin..)

1. The Latin Language, bls.334/5.

2. W.G.Hale, The CUM-constructions (1887), aangehaal deur
Handford, bls.168.

- ii. Tantus fuit..terror ut ea nocte, cum..venisset, fidem non faceret.(VI.41)
- iii. ..quod omnino diduum superat,cum..frumentum metiri oporteret.(I.23)

In hierdie drie sinne is tempus, ea nocte, biduum respektiewelik die antesedente van cum, en in sulke sinne het cum die betekenis gekry van: op so 'n tydstop toe. Dié beskrywende konjunktief,(oorspronklik potentialis) is vanselfsprekend beperk tot die imperf. en plusquamperf. tye, want die handeling van die hoofsin kan nie voor dié van die bysin plaasvind nie.

As die handeling van die hoofsin beïnvloed word deur die beskrywing wat in die bysin gegee word - as die bysin nie tyd, as sodanig, aandui nie - word dié cum deur die konjunktief gevolg (en om geen ander rede nie).¹⁾

Met verloop van tyd het die generiese aard van die konjunktief verswak, totdat „in the end the clauses became purely narrative and described, no longer the nature of a time or situation, but merely an actual situation.“²⁾

Dit is dus foutief om te sê dat as cum toe" beteken, dit gevolg (moet) word deur die imperf. of plusquamperf. konj.. Die saak word van die verkeerde kant benader. Wat eintlik bedoel word, is dat dié cum, soos hierbo uiteengesit, vertaal kan word deur TOE,(maar die bysin is nie 'n tydsin in die gewone sin van die woord nie).

Eo tempore (ea nocte ens.) kom by Caesar ook voor in die vorm: eodem tempore, of selfs, eo.

- iv. Eodem tempore equites nostri..cum se in castra reciperent..hostibus occurrebant.(II.24)

In die o.s. sin kan eo miskien ook DAARHEEN beteken, maar dit kan ook 'n afkorting vir eo(tempore)wees:

- v. Eo cum venisset...cognovit.(IV.6)

Eo cum venisset (of, eo cum+'n werkwoord van beweging)³⁾

1. Vgl. Roby, par. 716 en 722.
2. Vgl. Handford,bls.168 en Woltjer, bls. 264.
3. Vgl. V.18, VII,55, VII.9, V.1, V.2, V.11 VII,6, VII.7, VII.61.

word so dikwels gebruik dat dit moontlik is dat so 'n bysin 'n standaard (idiomatiese) uitdrukking geword het, wat ook tot die wanopvatting bygedra het dat sulke sinne suiwer tyd-sinne is.

Et cum venisset is in elk geval 'n handige uitdrukking om die leemte van die ontbrekende perf. part. aktief aan te vul: Daar aangekom, het hy....

Die handeling van die werkwoorde van die hoof- en bysin behoort tot dieselfde tydbestek en aangesien die handeling in die cum-sin altyd gesien word in verband met dié van die hoofsin (dit word óf voor óf gelyktydig met

lg. afgespeel) word die reëls i.v.m. consecutio temporum op 'n natuurlike wyse nagekom. Die imperf.konj. dui gelyktydige handeling aan; die plusquamperf. voorafgaande handeling.

Et word besmoontlik in die o.s. sin veronderstel:

vi. Qui cum ad flumen ..venissent..paucos dies ibi morati..domum revertuntur.(VII.5)

Die bysin staan altyd voor die hoofsin:

vii. Vercingetorix, cum ad suos redisset,..tali modo accusatus..respondit..(VII.20)

viii. Hi cum ad munitiones Romanorum accessissent, flentes omnibus precibus orabant..(VII.78)

ix. Cum per eorum fines triduum iter fecisset, inveniebat.. (II.16)

In die o.s. sin is daar nie 'n werkwoord van beweging nie, maar cum + plusquamperf.konj. stel 'n voldonge feit, 'n voltooide agtergrond waarteen die handeling van die hoofsin gesien kan word:

x. Cum finem oppugnandi nox fecisset..Remus nuntium ad eum mittit.(II.6)

In die volgende sin is daar twee cum-sinne. Cognitus esset gaan beide accurrit en teneretur vooraf, terwyl lg. twee gelyktydig plaasvind. Prima luce cum = eo tempore cum.

- xi. Prima luce, cum summus mons a Labienus teneretur neque...ipsius adventus..cognitus esset, Consiidius ad eum accurrit.(I.22)

Variasies van eo tempore cum:

- xii. Ipse cum primum pabuli copia esse inciperet, ad exercitum venit.(II.2)
- xiii. Cum iam meridies appropinquare videretur, ad castra ...contendit.(VII.83)

Dis moeilik om te bepaal of daar enige rede vir 'n konjunktief in die volgende sinne is. Die cum-sinne (met imperf.konj.) kan deur 'n dum+praes. indik. of selfs die praes. part. vervang word. M.a.w. dié cum het met verloop van tyd ook die betekenis van terwyl gekry. Op 'n tydstip toe word nou: gedurende die tyd toe(wat). Sulke sinne met cum staan ook ongeveer gelyk aan Ablativi Absoluti.¹⁾

- xiv. Interim saepe ultro citroque cum legati inter eos mitterentur, Ariovistus postulabat..(I.42)
- xv. Qui, cum maturescere frumenta inciperent...Basilum ...praemittit.(VI.29)

(Vgl. ook VII.25, VII.50, III.25, IV.28, I.4,V.31)

Cum met die plusquamperf.konj. staan ook gelyk aan postquam(=nadat)

- xvi. Cum circumventus..cecidisset atque id frater procul animadvertisset...se hostibus obtulit.(IV.12)

Dié cum kry ook soms die betekenis van quotiens, maar dié betekenis kan slegs afgelei word uit die sinsverband. (Die iteratiewe betekenis is nie 'n inherente funksie van die hierdie konjunktief nie.)

- xvii. Dispersosque, cum longius necessario procederent, adoriebatur magnoque incommodo adficiebat.(VII.16)
- xviii. Quin etiam Caesar cum singulas legiones appellaret ..universi ab eo ne id faceret petebant.(VII.17)

(Caesar het elke legioen om die beurt aangespreek.)

1. Woltjer, bls. 264, Aanm.2.

In die gevalle waar cum+konj. terwyl, nadat, toe, so dikwels as beteken, lyk dit asof daar 'n doelbewuste poging is om die gebruiklike konstruksie (cum+indik.) te vermy, ingeval die leser mag meen dat die gewone betekenis bedoel word. Die persoon wat 'n gebeurtenis beskryf, sien dit in retrospektief: vir die handelende persoon is die handeling iets in die vooruitsig, dus word die konjunktief gebruik om die saak van sy oogpunt te beskryf. As die imperf.indik. in die laaste twee sinne gebruik word, gaan die begrip van herhaalde handeling verlore. Geen voorbeelde met cum+imperf.indik. (om 'n herhaling van 'n handeling aan te dui) kon gekry word nie. Die naaste wat cum ex captivis quaerebat hieraan kan kom, is: Toe hy dikwels...verneem het...

Geen voorbeelde van hierdie cum met die plusquamperf. konj kon gevind word nie, behalwe miskien

xix. Cum ferrum se inflexisset, neque..evellere...neque pugnare..poterant. (I.25)

Maar 'n spies kan onder sulke omstandighede net eenkeer omgeklink word. Al wat die sin kan beteken, is dat spiese in baie gevalle omgeklink is.

Cum met die plusquamperf.indik. word byna altyd gebruik om 'n herhaalde handeling in die verlede aan te dui:

Cum equitatus noster..se in agros eiecerat, omnibus viis..essedarios ex silvis emittebat. (V.19)

Die imperf.indik. in die hoofsin dui onvoltooide gelyktydige handelinge aan.

Concessivum-sinne. (Cum=alhoewel.)

Dit is moeilik om met sekerheid te kan onderskei (in qui- en cum-sinne) tussen redegewende en teenstellende sinne. Slegs die sinsverband kan 'n aanduiding van die betekenis gee.

Die bysin beskryf die begeleidende omstandighede waarteen as agtergrond, die handeling van die hoofsin gesien kan word.

Qui-concessivum.

- i. Quibus proeliis..fractos, qui et sua virtute et populi Romani hospitio..plurimum ante in Gallia potuissent, coactos esse..obsides dare..(I.31)

Die plusquamperf.konj. dui aan dat (die Aedui) sterk was voordat hulle gedwing was om gyselaars te gee.

- ii. Nam quae Cenabi oriente sole gesta essent, ante primam confectam vigiliam..audita sunt.(VII.3)

Nam quae = Namque cum haec - want, alhoewel hierdie dinge...¹⁾

- iii. Cicero, qui omnes superiores praeceptis Caesaris.. milites in castris continuisset..septimo die.... quinque cohortes frumentatum..mittit.(VI.36)

Geen voorbeelde met qui+ 'n ander konjunktief kon gekry word nie.

Cum-concessivum.

Wat hier dadelik opvallendis, is dat hierdie cum deur enige konjunktief gevolg kan word.

- iv. Neque fas esse existimant ea litteris mandare, cum in reliquis fere rebus..Graecis litteris utantur.(VI.14)

- v. Neque quisquam est..qui se..adisse ad initium eius silvae dicat, cum dierum iter LX processerit.(VI.25)

(Cum= al sou, eerder as alhoewel.)

In die o.s.sin dui die cum-sin 'n feit aan wat deur Caesar as afgehandel beskou is, maar wat geen temporale verband met die regerende werkwoord het nie.

- vi. Hoc toto proelio, cum ab hora septima ad vesperum

1. T.Rice Holmes, De Bello Gallico VII, bls 57.

pugnatum sit, aversum hostem videre nemo potuit. (I.26)

Sed ea celeritate..ierunt, cum capite solo ex aqua exstarent, ut hostes..se fugae mandarent. (V.18)

Exstarent en mandarent vind gelyktydig plaas, maar die imperf.konj. is aan die historiese hoofwerkwoord te wyte

viii. Cum hostium acies..infugam conversa esset,..a dextro cornu...nostram aciem premebant. (I.52)

Alhoewel (= op 'n tydstip toe) die slaglinie op vlug geslaan was....dui op 'n verdere ontwikkeling van cum met die generiese konjunktief.

Die teenstelling word dikwels benadruk deur TAMEN.

- ix. Hos cum Suebi..finibus expellere non potuissent, tamen vectigalis sibi fecerunt. (IV.3)
- x. Cum ea ita sint, tamen, si obsides ab eis sibi dentur...sese cum eis pacem esse facturum (I.14)
- xi. Ab sinistro...cum primi ordines hostium transfixi telis concidissent, tamen acerrime reliqui resistebant. (VII.62)

In die cum-verhalenō sinne staan die tyd van die werkwoord altyd in verband met dié van die hoofsin: die imperf.konj. het gelyktydige, en die plusquamperf.konj. het voorafgaande handeling aangedui. Na mate die betekenis van cum verander het na tenspyte van, alhoewel, al(sou), het die bysin begin feite aandui wat los staan van die hoofsin, met die gevolg dat die reëls i.v.m. consecutio temporum al hoe makliker veronagzaam is.

- xii. Summo esse in periculo rem, quod, cum singuli magistratus antiquitus creari...consuessent, duo magistratum gerant...(VII.32)

Gerant is praes.konj. volgens consecutio temporum, maar consuessent is histories (a) om aan te dui dat dit van ouds af die gewoonte was, en (b) omdat die perf.konj.(verlede tyd) 'n verkeerde wending aan die sin sou gegee het.

In dieo.s. sin dui die plusquamperf.konj. 'n tyd aan wat die van die plusquamperf.indik. voorafgaan.

xiii. Cum magnae manus eo convenissent..perterritae..
a litore discesserant.(V.8)

In die volgende sin dui die imperf.konj. gelyktydige handeling aan. Die cum-sin is duidelik 'n teenstelling maar cum beteken hier terwyl. (cum illi = qui.)

xiv. Militibus autem, ignotis locis,..et de navibus desiliendum...et cum hostibus erat pugnandum, cum illi...notissimis locis, audacter tela coicerent.(IV.24)

In die volgende sin word cum gevolg deur beide imperf.konj.(gelyktydig met oreretur) en plusquamperf.konj. (voorafgaande handeling):

xv. Ut,cum ab hibernis Ciceronis milia passuum abesset circiter LX, eoque post horam nonam diei Caesar pervenisset, ante mediam noctem..clamor oreretur.
(V.53)

Causale-sinne,

Ook hier is daar bewys dat die konjunktief stelselmatig die indikatief verdring het, deur 'n skynbare voorliefde wat skrywers van die klassieke tydperk begin ontwikkel het vir die konjunktief. Die gewone konstruksies met die indikatief is self nie geaffekteer nie. Dit wil egter voorkom asof die skrywers die konjunktief bo die indikatief verkies het, om die gewone betekenis, wat die indikatief sou gee, te vermy.

Qui-causale.(Cum = aangesien.)

In die voorbeelde wat gekry is, word slegs die imperf. en plusquamperf.konjunktiewe gebruik.

i. Ac saepe in eum locum ventum est..ut captivi..qui se summam ab Caesare gratiam inituros putarent, paene naturam studio vincerent.(VI.43)

ii. Monuitque....quae celerem atque instabilem motum haberent,ad nutum et ad tempus omnes res ab eis administrarentur.(IV.23)

(quae..haberent - aangesien hulle (die soort dinge is) wat....het.)

- iv. Id tulit factum graviter Indutiomarus, suam gratiam inter suos minui, et qui iam ante inimico in nos animo fuisset multo gravius hoc dolore exarsit. (V.4)

(Qui= cum ille, en verwys na Indutiomarus.)

- v. Tum demum Titurius, qui nihil ante providisset, trepidare, et concursare... At Cotta, qui cogitasset haec posse in itinere accidere atque ob eam causam protectionis auctor non fuisset,... officia praestabat. (V.33)

Met qui kan slegs die imperf.konj. (gelyktydige handeling) en die plusquamperf.konj. (voorafgaande handeling) gebruik word. Qui het gewoonlik 'n antesedent in die hoofsin, wat beteken dat (a) dieselfde persoon handelend optree in beide hoof- en bysin,

(b) sy handelinge gelyktydig kan plaasvind.

(c) as die handeling in die bysin die handeling in die hoofsin beïnvloed, lg. nie eerste kan plaasvind nie. Dan word die plusquamperf.konj. in die bysin gebruik.

Cum-causale. (Cum = aangesien.)

Imperf.konj. na 'n historiese praesens.

- vi. his cum sua sponte persuadere non possent, legatos ad Dumnorigem mittunt. (I.9)
- vii. Aedui, cum se suaque ab eis defendere non possent, legatos ad Caesarem mittunt. (I.11)

Imperfectum konjunktief na 'n perf. indik.

- viii. Qui cum propter siccitates paludum quo se recipere non haberent.. omnes fere in potestatem Labieni pervenerunt. (IV.38)
- ix. Parsque ibi, cum angusto exitu portarum se ipsi premerent, pars egressa portis ab equitibus est interfecta. (VII.28)
- x. Ex quibus ..aquilifer, cum magna multitudine hostium premeretur, aquilam intra vallum proiecit. (V.37)

Imperf. konj. na 'n plusquamperf. indik.

- xi. Hi cum per se minus valerent.. Germanos.. sibi adiunxerant. (VI.12)

In al die b.s. sinne dui die imperf. konj. gelyktydige handeling aan: in die volgende dui die plusquamperf. konj. voorafgaande handeling aan.

- xii. Cum celeriter nostri arma cepissent...desperata re hostes suos ab oppugnatione reduxerunt.(V.26)
- xiii. At ei qui praesidio contra castra Labieni erant relictī, cum proelium commissum audissent, subsidio suis ierunt collemque ceperunt.(VII.62)

Imperf. en plusquamperf. konj. in dieselfde sin .

- . Cum iam amplius horis sex continenter pugnaretur ...resque esset iam ad extremum perducta casum,.. Baculus..et itē Volusenus..ad Galbam accurrunt. (III.5)
- xv. Caesare, cum constituisset hiemare in continenti ..neque multum aestatis superesset..obsides imperat.(V.22)

In die volgende sin het die imperf. konj. 'n prospektiewe betekenis.

- xvi. Neque erat omnium quisquam qui aspectum modo tantae multitudinis sustineri posse arbitraretur, ...cum ex oppido eruptione pugnaretur, foris tantae copiae equitatus peditatusque cernerentur.(VII.76)

In die volgende sinne versterk PRAESERTIM die betekenis van cum (aangesien) en qui(aangesien)

- xvii. (Dixit) non facile Gallos Gallis negare potuisse, praesertim cum de recuperanda, libertate consilium inritum videretur.(V.27)
- xviii. Labienus..veritus ne..hostium impetum sustinere non posset, praesertim quos recenti victoria efferri sciret, litteras Caesari remittit.(V.47)

In die volgende sin is daar 'n cum-sin en 'n praesertim cum-sin. In lg. word die perf. konj. gebruik, wat ongewoon is. Dit dui óf 'n verlede tyd aan na queritur óf, soos soms gebeur, die perf. konj. word hier gebruik om uitdruklik na, wat vir die spreker die hede was, te verwys.

- xix, Graviter eos accusat quod, cum neque emi neque ex agris sumi posset, ab eis non sublevetur; praesertim cum magna ex parte eorum precibus adductus bellum susceperit, multo etiam gravius quod destitutus queritur. (I.16)

4. Attraksie.(a) Oratio Obliqua.

Van die vroegste tye af het konjunktiewe (onafhanklik sowel as afhanklik) die krag gehad om die modus van die werkwoorde van ander bysinne, wat 'n integrale, onafskeidbare deel van die sin as 'n geheel is, te beïnvloed. Dié vermoë van 'n konjunktief om van 'n indikatief 'n konjunktief te maak, heet attraksie; dit was miskien 'n onderbewuste poging om eenheid aan 'n sin te gee.

Dié verskynsel het veral voorgekom in sinne na die relatiewe voegwoorde qui, cum, dum, ubi, quando, prius quam en si. En alhoewel attraksie voorkom by werkwoorde wat andersins praesens indikatief sou gewees het, is dit veral die neiging by werkwoorde wat fut. simplex of fut. exactum sou gewees het.

Attraksie is nie alleen veroorsaak deur konjunktiewe nie, maar het ook voorgekom in bysinne wat van infinitiewe van werkwoorde met modale krag afhanklik was.

apud me te esse. miles quom veniat, volo.¹⁾

Ek wens (dit) dat jy by my is: laat die soldaat (dan maar) kom.

Die sin kon ontstaan het uit: Apud me sis(volo)...miles quom veniat.

Mag jy by my wees(ek wens dit):.....

sis (volo) staan dan gelyk aan: volo te esse(miles veniat)

Verdere ontwikkelinge hiervan is: spero te fore(miles veniat).

> puto eum fore(miles veniat).

> dico eum fore(miles veniat).

As apud me sis = volo te apud me esse = 'n bevel, dan is: iubeo te apud me esse (miles cum veniat) nie onmoontlik nie. „From such a beginning the use of the subjunctive would readily be extended to subordinat. clauses in general in oratio obliqua.“²⁾

1. Plt. Bac. 58. (Handford, bls 150-)

2. Handford, bls. 152.

As die hoofwerkwoord histories is, staan die werkwoorde van die bysinne in die imperf.konj. (onvoltooide handeling) of plusquamperf.konj. (voltooide handeling). Alhoewel dié reël in die meeste gevalle geldig is, is daar tog afwykinge wat hieronder bespreek sal word.

Die imperf.konj. (gelyktydige handeling)

i. (Titurius..clamitabat..). Postremo quis hoc sibi persuaderet.. Ambiorigem ad eiusmodi consilium descendisse? (v.29)

In die O.R. sou persuaderet praes.knj. gewees het.

ii. Suam sententiam in utramque partem esse tutam: si nihil esset durius, nullo cum periculo ad proximam legionem perventuros: si Gallia omnis cum Germanis consentiret, unam esse in celeritate positam salutem. (v.29)

In een skooluitgawe word sit gevind i.p.v. esset, en consentiat i.p.v. consentiret,¹⁾ om, besmoontlik, die saak van die handelende persoon se oogpunt te sien. Dit is egter onnodig om hierdie verandering te maak, want die imperf.konj. dui gelyktydige handeling aan, en in die O.R. word dit in elk geval deur die praes.konj. vervang.

Die plusquamperf.konj. dui voltooide handeling aan, beide wat die skrywer én die handelende persoon betref.

iii. Decima legio per tribunos militum ei gratias egit quodde se optimum iudicium fecisset. (I.41)

Soms word die imperf. en die plusquamperf.konj. in dieselfde sin gebruik om die tye van die verskeie handelinge noukeurig te bepaal t.o.v. die hoofwerkwoord.

iv. Venerunt...sui purgandi causa, quod contra atque esset dictum et ipsi petissent, proelium pridie commisissent, simul ut, si quid possent, de indutiis fallendo impetrarent. (IV.13)

Maar as die hoofwerkwoord primêr is, kan op die volgende gelet word.

Die tye bly onveranderd in die O.O. d.w.s. praes. en

1. Reynolds & Phillipson: Caesar, Books V & VI (Bell's Illustrated Classics - (1905)

perf. konj. in die O.O. was in die O.R. ook praes. of perf. indikatief (of konj.), behalwe dat 'n fut. simplex. 'n praes. konj. word en 'n fut.ex. 'n perf.konj.

- v. (Habent opinionem..Martem bella regere.) Huic, cum proelio dimicare constituerunt, ea quae bello ceperint(perf.konj.) plerumque devovent; quae superaverint, animalia capta immolant.(VI.17)

Die eed is: Ea quae ceperimus(fut.ex.) Marti immolabimus.

'n Perf. indik. in O.R. word perf.konj. in O.O.

- vi. (Ambiorix locutus est)...neque id quod fecerit de oppugnatione castrorum aut iudicio aut voluntate sua fecisse sed coactu civitatis.(V.27)

(fecerit = feci in O.R.)

- vii. Civitati porro hanc fuisse belli causa, quod repentinae Gallorum coniurationi resistere non potuerit. (V.27)

(Perf.konj. was perf.indik. in O.R.)

'n Praes.indik. word 'n praes.konj. en 'n praes.konj. bly praes.konj. na 'n primêre hoofwerkwoord.

- viii. Dicit, neque fortunam temptatum aut in acie dimicatum, sed, quoniam abundet equitatu, perfacile esse factu frumentationibus pabulationibusque Romanos prohibere; aeque modo animo sua ipsi frumenta consumpstantaedificiaque incendiant.(VII.64)

In die o.s. sin lyk dit egter asof 'n perf.konj. in

die O.O. 'n plusquamperf. indik.vervang het:

- ix. Peditatu quem antea habuerit se fore contentum dicit. (VII.64)

(O.R. Ek sal tevrede wees met die ruitery wat ek voorheen gehad het.)

'n Plusquamperf.konj. sou in hierdie geval miskien die indruk geskep het dat hy nie tevore ruitery gehad het nie.

(Die ruitery wat ek voorheen sou(moes) gehad het.)

Causale-sinne in die O.O.

- x. Loquitur in consilio palam: quoniam Germani appropinquare dicantur, sese suas exercitusque fortunas in in dubium non devocaturum.(VI.7)

(O.R. Quoniam Germani appropinquare dicantur, ego meas..fortunas..non devocabo.)

Praes.Indik. word Imperf.Konj. na 'n historiese
hoofwerkwoord.

- xi. Caesar legatos cum his mandatis mittit(hist.praes)
quoniam...hanc sibi gratiam referret...haec
esse quae ab eo postularet.(I.35)

Plusquamperf.Indik.word plusquamperf.konj.in O.O.

- xii. Legati venerunt qui se de superioris temporis
consilio excusarent, quod homines barbari et
nostrae consuetudinis imperiti bellum populo
Romano fecissent.(IV.22)

'n Futurum Simplex of 'n Futurum Exactum word in

die O.O. vertolk deur 'n prospektiewe konjunktief.¹⁾

- xiii. Contra ea Titurius sero facturos clamitabat, cum
maiores manus hostium...convenissent.(V.29)

(O.R.:Contra ea Titurius, „Sero faciemus, cum
maiores manus hostium ...convenerint(Fut.ex.)

Dit is interessant om hier op te merk dat cum eer-
der AANGESIEN beteken as WANNEER, maar wanneer cum AANGESIEN
beteken, word dit altyd deur die konjunktief gevolg.

- xiv. Brutum...cum primum posset in Venetos proficisci
iubet.(III.11)

Cum...posset = cum...poterit in O.R.)

In die volgende sin word beide imperf. en plusquam-
perf.konj.gebruik: beide is natuurlik prospektief.

- xv. (Demonstrarunt)..neque esse quicquam negoti, cum
prima legio in castra venisset(O.R.venerit-Fut.ex.)
reliquaeque legiones magnum spatium abessent
(O.R.aberunt), hanc sub sarcinis adoriri.

Die indikatief word behou in die volgende sin:

- xvi. (Vehementer eos incusavit...) Factum eius hostis
periculum patrum nostrorum memoria, cum Cimbris
et Teutonis a C.Mario pulsus, non minorem laudem
exercitus quam ipse imperator meritus videbatur.
(I.40)

(Cum...videbatur - destyds, toe dit gelyk het(asof)
die leër net soveel eer verdien het as die
generaal self. Moontlik is dit Caesar se eie
mening)

Relatiewe sinne in die O.O.

As die relatiewe sin deel uitmaak van die gedagte van 'n persoon, word die konjunktief gebruik.

xvii. Quoniam..senatus cenuisset uti, quicumque Galliam provinciam obtineret, quod commodo rei publicae facere posset, Aeduos..defenderet. (I.35)

Dikwels is die konjunktief in rel.bysinne veroorsaak deur 'n ander konjunktief.

xviii. Sic accidit uti...neque hoc neque superiore anno ulla omnino navis..desideraretur; at ex eis quae inanes...ad eum remitterentur.. perpaucae locum caperent. (V.23)

xix. Tanta rerum commutatio est facta ut nostri, etiam qui vulneribus confecti procubuissent..proelium redintegrarent.(II.27)

Dit is moeilik om te besluit of qui..videret en qui...perspiceret konjunktiewe deur attraksie is, en of hulle veronderstellinge is:

xx. (Die vyand staan klaar om die Romeine aan te val as hulle deur die moeras sou sukkel) ut qui propinquitatem loci videret paratos prope aequo Marte ad dimicandum existimaret, qui iniquitatem condicionis perspiceret, inani simulatione sese ostentare cognosceret.(VII.19)

(qui is hier amper si, en dis baie moontlik dat beide konjunktiewe potentialis is; dan is die konjunktiewe nie aan attraksie te wyte nie.)

Die konjunktief in die o.s.sin is te wyte aan

attraksie.

xxi. Sic sunt animo consternati homines insueti laboris ut omnia quae imperarentur sibi patienda existimarent.(VII.30)

Relatiewe sinne met konjunktiewe deur attraksie is veral volop saam met gevolgsinne.

xxii. Tanta huius belli ad barbaros opinio perlata est, uti ab eis nationibus quae trans Rhenum incolerent legati mitterentur.(II.35)

Voorwaardelike sinne in die O.O.- enkele aspekte.

Wanneer voorwaardelike sinne in die O.O. staan, word die hoofsin 'n afhanklike bewering en die bysin afhanklik, met die werkwoord in die konjunktief.

- xxiii. O.O. Sed licere, si velint, in Ubiorum finibus considerare. (IV.8)
O.R. Licet, si vultis, ...considerere.
- xxiv. O.O. Si quid ille se velit, illum ad se venire oportere. (I.34)
O.R. Si quid tu a me vis, te ad me venire oportet.
- xxv. O.O. Si veteris contumeliae oblivisci vellet, num etiam recentium iniuriarum. memoriam deponere posse? (I.14)
O.R. deponere posse = deponerem(potentialis)

In die o.s. sinne word die imperf.en plusquamperf.konj.gebruik om na die toekomstige tyd te verwys(gesien van 'n tydstop in die verlede).

- xxvi. O.O. Si nihil esset durius, nullo cum periculo ad proximam legionem perventuros. (V.29)
O.R. Si nihil erit durius...
- xxvii. O.O. Si discessisset et liberam possessionem Galliae sibi tradidisset, magno se illum praemio remuneraturum. (I.44)
O.R. Si discesseris, et....tradideris, ...remunerabo.

Die futurum infinitief in die hoofsin kan in die O.R. óf imperf.konj.wees, óf plusquamperf.konj. Gewoonlik word fuisse met die fut, infin. gebruik om 'n oorspronklike plusquamperf, konj. aan te dui. Dikwels staan die fut, part. sonder esse of fuisse.

- xxviii. O.O. Neque si ille adesset, tanta contemtionem nostri ad castra venturos esse. (V.29)
O.R. Neque si (Caesar) adesset, ...venirent.
- xxix. O.O. Si quid ipsi a Caesare opus esset, sese ad eum venturum fuisse. (I.34)
O.R. Si quid mihi a Caesare opus esset...venissem.
- xxx. O.O. Si Caesar permitteret, ad eum..venturum. (V.3)
O.R. Si Caesar permitteret,venirem.

As dié sin uit sy verband geneem word, kan venissem ook miskien gebruik word i.p.v. venirem.

Die perf.konj. word in die si-sin gebruik om die begrip van twyfel, spanning of angs te versterk. Die besluit (in die hoofsin) sal geneem word as die vermoede (in die bysin) bewaarheid (sal) word.

xxx1.0.0. Id fieri posse, si suas copias Aedui in fines Bellovacorum introduxerint et eorum agros populari coeperint. (II.5)

O.R. Id fieri poterit, si...introduxerint (Fut.ex.)

L.W. Die praes.infin. posse is toelaatbaar aangesien die fut,infin,ontbreek.

xxxii.0.0. Si fecerit, Aeduorum auctoritatem apud omnes Belgas amplificaturum, quorum auxiliis atque opibus si qua bella inciderint sustentare consuerint. (II.14)

O.R. Si (hoc) feceris (fut.ex.) Aeduorum auctoritatem..amplificabis, quorum auxiliis..si qua bella inciderunt...consuerunt.

L.W. 1. Die tweede si beteken: so dikwels as.

2. Die perf.indik. in die O.R. het perf.

konj. in die O.O. geword omdat daar nie die bygedagte van tw twyfel ens. is nie, (soos in die geval van die voorwaardelike si fecerit (perf.konj.)).

xxxiii.0.0. Haec si nuntiata Ariovisto sint, (se) non dubitare quin de omnibus obsidibus..supplicium sumat (I.31)

O.R. Haec si nuntiata..erunt, non dubitabimus quin ...sumat.

(b) Skynbare Oratio Obliqua.

Die konjunktief word gebruik om onregstreeks die gedagtes wat (moontlik) óf by die handelende persoon, óf by 'n ander persoon bestaan, mee te deel. Dié gebruik van die konjunktief is veral gepas om beweerde redes aan te dui.

- i. Indignantes milites Caesar, quod conspicuum suum hostes perferre possent. edocet quanto detrimento ...necesse sit constare victoriam. (VII.19)

Met die konjunktief dui Caesar 'n gedagte wat by die soldate bestaan het, aan. As hy poterant hier gebruik het, sou hy slegs die feit aangedui het dat die vyand braaf genoeg was om die Romeine van aangesig tot aangesig te beskou.

- ii. Graviter eos accusat quod..tam propinquis hostibus ab eis non sublevetur. (I.16)
- iii. Allobrogibus sese vel persuasuros, quod nondum bono animo in populum Romanum viderentur, existimabant vel vi coacturos ut per suos fines eos paterentur. (I.6)
(quod..viderentur is 'n gedagte wat by die Helvetii (moontlik) bestaan het.)

In die o.s. sin dui die konjunktiewe beweerde redes aan: quod...timeret is die gewone vorm, terwyl quod..diceret onlogies is.

- iv. Ille omnibus primo precibus petere contendit ut in Gallia telinqueretur, partim quod insuetus navigandi mare timeret, partim quod religionibus sese diceret. (V.6)

(quod..timeret: omdat, soos hy gesê het, hy die see gevrees het.
quod...diceret: omdat, soos hy (sou) gesê het,...

Dit sou miskien meer gebruiklik gewees het as Caesar quod...impediretur geskryf het, ¹ maar die sin kan ook beteken dat Dumnorix hierdie tweede rede nie aan Caesar self meegedeel het nie.

- v. Helvetii, seu quod timore perterritos Romanos discedere a se existimarent,...sive eo quod re frumentaria intercludi posse confiderent.... nostros...laccessere coeperunt. (I.23)

1. Vgl. Roby, bls. 298.

- vi. Sive timore perterriti..sive spe salutis inducti, quod in tanta multitudo dediticiorum suam fugam aut occultari aut omnino ignorari posse existimarent...ad Rhenum..contenderunt.(I.27)

In die volgende sin is die beweerde rede nie so duidelik nie aangesien cum in elk geval deur die konjunktief gevolg word.

- vii. Neque tamen ulli civitati Germanorum persuaderi potuit ut Rhenum transiret, cum se bis expertos dicerent. (V.55)

(cum..dicerent = aangesien hulle gesê het....

of, aangesien, so het hulle gesê,...)

Moontlik gebeur dieselfde in die o.s. sinne:

- viii. Sic...animos timor praeoccupaverat ut paene alienata mente...equitatum se ex fuga recepisse dicerent.

(VI.41)

(ut..dicerent = (hulle was so bang) dat hulle gesê het...

of, (hulle was so bang) dat,so het hulle altans gesê,...)

- ix. Neque adhuc hominum memoria repertus est quisquam qui, eo interfecto cuius se amicitiae devovisset, mori recusaret.(III.22)

Dié gebruik van die konjunktief kom ook voor

in byvoeglike bysinne.

- x. Interim cotidie Caesar Aeduos frumentum quod essent publice polliciti flagitare.(I.16)

(quod..essent polliciti - die koring wat, soos hy beweer het, hulle amptelik belowe het....)

- xi. Constituerunt ea quae ad proficiscendum pertinerent, comparare.(L.3)

(quae...pertinerent - die dinge wat, soos hulle gemeen het,....

Al die tye van die konjunktief kan gebruik word.

- xii. Alii cuneo, ut celeriter perrumpant censent, quoniam tam propinqua sint castra...reliquos servari posse confidunt. (VI.40)

- xiii. Perterriti ad Caesarem venerunt et ...ab eo petere coeperunt quoniam civitati consulere non possent. (V.3)

xiv. Plerique novas sibi ex loco religiones fingunt, Cottaeque et Titurii calamitatem qui in eodem occiderint castello ante oculos ponunt. (VI.37)

(qui...occiderint: wat, so het die soldate onthou, gesneuwel het...)

xv. Multum fortunam in repentino hostium adventu potuisse iudicavit, multo etiam amplius, quod paene ab ipso vallo , barbaros avertisset. (VI.42)

In die volgende sin lyk dit asof cum met die konjunktief suiwer tyd aandui. In werklikheid is die bysin feitlik O.O. (Dit is middernag, of net na middernag.)

xvi. Adeundi tempus definiunt cum meridies esse videatur (VII.83)

(cum...videatur: wanneer dit sou lyk asof...)

(c) Afhanklike vrae.

In die oorspronklike parataktiese vorm is die onafhanklike vraag met 'n konjunktief wat afkeuring ens. aandui, soms deur 'n tweede vraag gevolg: *rogas?* of *rogitas?*¹⁾ Met verloop van tyd het die oorspronklike vraag ondergeskik geraak aan so 'n regerende werkwoord en die konjunktief is reëlmatig gebruik om aan te dui (a) dat die bysin ondergeskik is, en (b) dat die woorde nie die spreker se oorspronklike woorde s'n is nie. In dié opsig is die gebruik van hierdie konjunktief verwant aan die konjunktief wat die woorde en gedagtes van 'n ander persoon meedeel.

Die vraagwoord is gewoonlik ook die verbindings-
woord.

- i. *Omnia excogitantur, quare nec sine periculo maneat.* (V.31)
- ii. *Labienus..quid sui sit consili, proponit.*(VI.7)

Die vraagwoord word dikwels vervang deur 'n frase.

- iii. *Equitatum...praemittit, qui videant quas in partes hostes iter faciant.*(I.15)
- iv. *Ubi ex captivis cognovit quo in loco hostium copiae considissent,..ad hostes contendit.*(V.9)
- v. *Cum est animadversum a venatoribus quo se recipere consuerint omnes..accidunt arbores.*(VI.27)
- vi. *Cum..quanto in periculo et castra et legiones versaretur cognovissent, nihil ad celeritatem sibi reliqui fecerunt.*(II.26)

Van b.s. sinne kan afgelei word dat al vier tempus-vorme gebruik kan word, streng volgens die reëls i.v.m. die *consecutio temporum*. Na 'n primêre hoofwerkwoord word die praes.konj. gebruik as die oorspronklike vraag in die teenwoordige tyd was: die perf.konj. word gebruik as die oorspronklike vraag in die verlede tyd was. Na 'n historiese hoofwerkwoord word die imperf.konj. gebruik vir 'n vraag wat oorspronklik in die teenwoordige tyd was en die plusquamperf.

1. Handford, bls.174.

konjunktief vir een wat oorspronklik in die verlede tyd was.

Maar in die o.s. sin verwys die imperf.konj. ook na die toekomstige tyd na 'n historiese hoofwerkwoord. Die rede hiervoor lê in die betekenis van expectare.

vii. Quid hostes consili caperent expectabat. (III.24)

Na 'n primêre hoofwerkwoord verwys die praes.konj. na die toekomstige tyd:

viii. Quid ab his praecipiat expectant. (VI.39)

Geen voorbeelde van die perifrastiese futurum konj. (met *sim* of *essem*) kon gevind word nie. Gildersleeve & Lodge¹⁾ sê in die verband: „When the preceding verb has a future character (fear, hope etc.) the simple subjunctive is sufficient”

As die afhanklike vraag voor die hoofwerkwoord staan, geld die reël i.v.m. *consecutio temporum* nie altyd nie, veral as die regerende werkwoord van 'n onpersoonlike aard is: ²⁾

ix. Hic quantum in bello fortuna possit et quantos adferat casus cognosci potuit. (VI.35)

Caesar gebruik die gewone partikels reëlmatig:

x. ..ut matres familiae..declararent utrum proelium committi ex usu esset necne. (I.50)

xi. Ambiorix copias suas iudicione non conduxerit, quod proelio dimicandum non existimarit, an tempore exclusus..cum reliquum exercitum subsequi crederet, dubium est. (VI.31)

Die volgorde is: Dubium estne(=utrum) A. non conduxerit suas copias...

Die verskeidenheid van konjunktief tye in bg. sin is bewys dat die reëls i.v.m. *consecutio* nie in elke geval geldig is nie.

Afhanklike vrae volg gereeld op uitdrukkings soos: dubium est, dubito en die meerderheid van sinne met quin.

xii. Orgetorix mortuus est; neque abest suspicio ..quin ipse sibi mortem consciverit.

1. Lat.Gram. bls. 321

2. Handford, bls 143

S L O T.Stellinge.

- I. Die reëls i.v.m. consecutio temporum kan nie bindend wees in alle sinsoorte nie.
- II. Die relatiewe voegwoord CUM met die konjunktief (cum historicum) kan nie sonder meer, deur TOE vertaal word nie.
- III. Vereenvoudigde taalreëls, soos bevat in sommige skoolgrammatikas, is soms misleidend en verwarrend.
- IV. Leerlinge behoort, by die lees van Caesar, aangevoelig te word om grammatiese verskynsels te versamel, te beskryf en in hul verband te verklaar. Die taal moet leer en die grammatika moet volg.
- V. „The precision of (Caesar's) mind works in with his interest in words and language, tends to reflect the recurrence of an idea or of an action in a repetition of words and phrases, and this helps to produce a uniformity of diction.”¹⁾
Vereenvoudigde, maar ook samehangende uitgawes van Caesar behoort so gou as moontlik as basis gebruik te word vir die onderrig van Latyn op skool i.p.v. „gemaakte” Latyn.
- VI. Daar is geen duidelike of merkwaardige verskil tussen die eerste en die sewende boekdeel van Caesar se Commentarii de Bello Gallico, wat die gebruik van die konjunktief betref nie.

1. Adcock, bls. 63.

S U M M A R Y.

The writer's approach to the study of Latin (and any other) grammar has always been influenced by the principle that a grammar should be descriptive rather than prescriptive, and that grammatical points should be explained in their context only. Many (not necessarily obscure) uses of cases, moods and tenses would be meaningless otherwise.

The classification of the various functions of the subjunctive, with reference to the original uses of the subjunctive, is not wholly original, but it is an attempt to view an aspect of the Latin language from a point of view which is usually ignored in school Latin grammars. The latter tend to over-simplify "rules" which, because of their inconsistency cannot but be puzzling.

It is the author's contention that translation into Latin should be the ultimate test of proficiency and not a means to an end. Translations which may be "correct" according to the rules, are more often than not, unidiomatic.

Attention has been drawn to the use of tenses and time relationships. The names given to the various forms of the subjunctive often do not conform to their functions. These names, moreover, are very often meaningless when seen in connection with their functions.

The rules for the sequence of tenses, although useful as a general guide, cannot be considered as binding in every construction. An imperf. subj. is not necessarily imperfect because of the governing verb. Such an explanation, for example, of an imperf. subj. after prius quam, would be meaningless.

To refer to cum(=when) with the subjunctive as a cum temporal (which is supposed to have the irritating habit

of requiring the "indicative in primary sequence"), may help a pupil to translate a sentence "correctly", but it gives no indication as to how the Romans regarded and used this construction. An attempt has been made to clarify a few points in this connection.

The author, however, realises that, guided by one author only, he has no right to lay down any hard and fast rules - that would be defeating the purpose of a descriptive grammar. Even if Caesar did conform with the conventions of his time as far as the use of the subjunctive went, we cannot automatically come to any conclusions as to all the principles involved in this aspect of the Latin language in general.

BIBLIOGRAFIE.Taalkunde.

- Adcock, F.E. Caesar as a man of letters. (Cambridge) 1956.
- Bloomfield, L. Language. (Allen & Unwin) 1950.
- Draeger, A. Historische Syntax de Lateinischen Sprache.
- Entwistle, W.J. Aspects of Language. (Faber) 1954.
- Handford, S.A. The Latin Subjunctive. (Methuen) 1946.⁷
- Jespersen, O. The Philosophy of Grammar. (Allen) 1948.
- Kantor, J.R. An Objective Psychology of Grammar. (Bloomington Ind. Principia Press) 1952.
- Lindsay, W.M. The Latin Language - An historical account of Latin Sounds, Stems and Flexions) 1894
- Lindsay, W.M. A Short historical Latin Grammar. (2nd ed. Oxford, Clarendon Press.) 1937.
- Malherbe, D.F. Afrikaanse Taalboek. (3de druk, De Nationale Pers, Beperkt,) 1920.
- Meusel, H. Lexicon Caesarianum (Drie dele- Berolini Weber) 1893.
- Palmer, I.R. The Latin Language. (Faber) 1954.
- Priscianus. Institutionum Grammaticarum. (Grammatici Latini - Keil)
- Sonnenschein, E.A. The Soul of Grammar. (2nd ed. C.U.P.) 1929

Latynse Grammatikas.

- Bradley. Arnold's Latin Prose Composition. (Longmans) 1920
- Gildersleeve, B.L. & Lodge, G. Latin Grammar. (3rd ed. Macmillan) 1921
- Gonin, H.L. Latynse Grammatika II. (Voortrekker Pers) 1945
- Madvig, I.N. Latin Grammar. (4th ed. Oxford) 1859.
- Mountford, J.F. Bradley's Arnold Latin Prose Composition. (Longmans) 1955.
- Mountford, J.F. The Revised Latin Grammar. (Kennedy) (Longmans) 1953.
- Roby, H.J. A Latin Grammar for Schools (Macmillan) 1880
- Walters & Conway. Limen, (J. Murray) 1934.

Tydskrifte.

Helikon. Nos. 17,18,19.

The Classical Journal. 1949-51, 1953-55.

The Classical Review. 1911-18, 1925, 1928-32.

The Year's Work in Classical Studies. 1906-09, 1911-23,
1925-27.

Uitgawes.

du Pontet, R. C. Iuli Caesaris Commentariorum Oxonii. (1900)

Holmes, T. R. Caesar's Gallic War. (Sewer's ed.) (Oxford) 1905

Reynolds, A & Phillipson, J. Caesar V&VI. (Bell's Illustrated Classics) 1905.